# Laniarius

No 138 November 2018



BirdLife Northern Gauteng
BirdLife Gauteng-Noord

BirdLife South Africa
Giving Conservation Wings

# Newsletter of BirdLife Northern Gauteng
# Nuusbrief van BirdLife Gauteng-Noord

PO Box/Posbus 12563, Hatfield, 0028
E-mail: secretary@blng.co.za
Website: www.blng.co.za
Facebook: BirdLife Northern Gauteng

Bank account: BirdLife Northern Gauteng/Gauteng-Noord
Bank: Nedbank, Hatfield
Branch code: 160245
Account number: 1634010531

## Committee 2018/19 Komitee

**President**
André Marx: 083 411 7674; turaco@telkomsa.net
**Chairperson – Voorsitter**
Elouise Kalmer: 083 626 1733; chairperson@blng.co.za
**Secretary – Sekretaresse**
Rita de Meillon: 012 807 4002/083 391 2327; secretary@blng.co.za
**Treasurer – Tesourier**
Pieter Heslinga: 082 551 0130; piheslinga@mweb.co.za
**PR and Website – Skakelbeampte en Webtuiste**
Marina Venter 071 491 8852; marketing@blng.co.za
**Conservation – Bewaring**
Philip Calinikos: 082 602 1346; conservation@blng.co.za
Sub-committee: Ig Viljoen, Kagiso Mohlamme, Rihann Geyser, Ben Von Wielligh
**Programme and Activities – Program en Aktiwiteite**
Sheleph Burger: 082 925 4005; sheleph@blng.co.za
Sub-committee: Karin & Kobus Coetzer, Alta Fraser, Frik du Plooy, Jeanette Heuseveldt, Rita de Meillon, Elouise Kalmer, John Kinghorn, Michelle van Niekerk, Adele van Vuuren, Ben Von Wielligh
**Evening Meetings and Courses – Aandbyeenkomste en Kursusse**
Michelle van Niekerk: 082 855 4928; michelle@wipe-it.co.za
**Bird Ringing – Voëlberinging**
Frik du Plooy: 064 651-3755; jfduplooy@vodamail.co.za
Sub-committee: Wanda du Plooy, Johan Snyman
Training: Chris du Plooy, Martin Steyn, Hein Bantjes
**Laniarius Editor – Redakteur**
Tamsyn Sherwill: laniariuseditor@blng.co.za
Sub-committee: André Marx, Ingrid van Heerden, Drinie van Rensburg (design & layout)
**SABAP2 Atlas Co-ordinator – Atlaskoördineerder**
André Marx: 083 411 7674; turaco@telkomsa.net
**Trading – Handel**
Riana Botha: 082 466 5242; blackeagleprop@gmail.com

### Notice to contributors
*Laniarius* is published three times annually. Articles should be e-mailed to laniariuseditor@blng.co.za. Contributions and advertisements are accepted at the discretion of the Editor. Digital photographic images are always welcome. Please submit images at their original resolution/size.

### Kennisgewing aan bydraers
*Laniarius* word drie keer jaarliks uitgegee. Artikels moet aan laniariuseditor@blng.co.za gestuur word. Aanvaarding van bydraes en advertensies word aan die diskresie van die redakteur oorgelaat. Digitale foto's is altyd welkom. Stuur asseblief foto's in hulle oorspronklike resolusie/grootte.

# Contents

From the Editor .... 2

From the Chair .... 3

**CLUB OUTINGS**

BLNG outing to Heilbron, 22 July 2018 .... 4

BLNG ontdek 'n skat in die Caprivi .... 5

A weekend away with the bird club: Verlorenkloof, October .... 15

**CONSERVATION**

Birder's Code of Ethics .... 17

Wader Quest: on a mission to conserve the world's waders .... 18

**SCIENCE and CITIZEN SCIENCE**

Ringershoekie .... 20

There's a reason why Africa's migratory songbirds sing out of season .... 23

**FIELD OBSERVATIONS**

Finfoot photoshoot .... 25

**TRAVELOGUE**

Namibië: April/Mei 2018 .... 27

Lesser Jacana surprise in the Okavango .... 33

Mosambiek voëlkyktoer Nov/Des 2017 – wat 'n ervaring! .... 37

**FROM THE ARCHIVE**

Wishbirds: Part 1 .... 44

**RARITIES**

Rarities and unusual sightings report: 31 October 2018 .... 47

**IN PICTURES:** the dance edition .... 50

**Credits**

Front cover: Greater Painted-snipe, by Johann Grobbelaar

*Laniarius* is only distributed electronically. If you wish to receive hard copies please contact Rita (secretary@blng.co.za). The cost is R75 for 3 issues.
*Laniarius* word nou slegs elektronies versprei. As u die harde kopie wil ontvang, stuur asb 'n e-pos aan Rita (secretary@blng.co.za). Die koste is R75 vir 3 uitgawes.

**Views expressed in this publication are not necessarily those of BirdLife Northern Gauteng or BirdLife South Africa**

# From the Editor

*Laniarius 138* could be subtitled 'Birding the subcontinent' – with our authors offering some great inspiration and advice for anyone considering a visit to Mozambique, Botswana or Namibia. Thank you to everyone who contributed their stories and photos, many in response to some very tight editor-imposed deadlines (my apologies for any undue stress caused).

November delivered a great good-news story for environmental justice in South Africa, with important implications for our water resources, our grassland and wetland birds, and the continued sanctity of our protected areas. On 8 November the North Gauteng High Court set aside the decision by the former Minister of Mineral Resources and late Minister of Environmental Affairs to permit a coal mine to be developed in the Mabola Protected Environment near Wakkerstroom. The basis for the court's ruling was that the decision was procedurally unfair (i.e. lacking transparency and public participation). The case was brought by a coalition of eight civil society organisations, among them BirdLife SA and the Endangered Wildlife Trust. Handing down judgement, the court referred to the Ministers' failure to apply a cautionary approach when dealing with "sensitive, vulnerable, highly dynamic or stressed ecosystems" as "an impermissible abdication of decision-making authority". The case underscores the critical role of NGOs, and the ordinary citizens who fund and support them, in holding government to account for failing to protect our natural resources.

As across the country the tinsel and lights go up, and out-of-office autoreplies are set, our African Black Oystercatcher's special year is drawing to a close, with the 2019 BLSA Bird of the Year already announced and waiting to stride into the spotlight. Hopefully the awareness created over the course of 2018 will endure to have a lasting impact on oystercatcher conservation. Breeding season has already begun, so if you find yourself in 'oyk' territory this festive season, please do your bit to educate fellow beachgoers about how they can avoid disturbing or harming nesting birds. A wealth of attractive educational material (including a board game) has been built up over the past year and can be downloaded from BLSA's Bird of the Year page.

'Tis (almost) the season for New Year's Resolutions… If I could make these on behalf of *Laniarius*, it would be to have a more interactive publication in 2019, in which you, dear reader, let us know what you would like to see more – or less – of, and even send in requests or questions that could lead to future content all of us will benefit from. Looking (way) back, it is clear that *Laniarius* has played host to some vigorous debate over the years (e.g. the myna invasion, the club's name), and alerted members to important issues facing birds and birding. Another resolution would be to continue to attract submissions for the sections that I, for one, find really interesting, i.e., 'field observations' and 'birder's eye-view' (in which you can submit anything that expresses your thoughts and experiences through a 'birder' lens).

Thank you, thank you, and thank you again to everyone whose contributions made the past three issues possible, including anyone who told us that they enjoyed any small part of it (it really does help to know that someone out there is reading the results of our collective effort).

All that's left to say for what's left of 2018 is: travel safe, rest well, shop (and bird) responsibly (sustainably), spend time on what/who really matters… And please send in your summer birding stories in time for the March issue.

*Tamsyn*

# *From the Chair*



As birders and birdwatchers we share a love for birds and nature. We spend endless hours looking at birds, studying their features, sounds, habits and habitats.

In August I had the privilege of joining a group of 14 birders on a 3 500 km BLNG trip to Botswana and the Caprivi. Once again, I became aware of the different focuses we birders have. Some were making lists of the possible lifers to be seen, others were enjoying nature and the new environment while some were just happy to look at the behaviour of the birds that were new to us.

Then we had the 'Listers' and the 'Atlassers'. Every bird seen was diligently recorded on BirdLasser, no matter how many times this species was seen on the trip. The various lists included a Trip List, a New Lifer List, a Namibia List and also a Botswana List!

The Atlassers were well prepared. They had lists of all the different pentads we were going to visit, all possible species to be seen and the reporting rates for each species in these pentads. This gave us a very good indication of the probability of finding 'specials' in the designated pentads. This information was sourced from the SABAP website: sabap2.adu.org.za.

The social side of the tour was also very important and we spent many pleasant hours around the campfire.

BLNG as a club places a lot of focus on atlassing. We already have a big atlassing group and we would like expand this group and also to increase the number of atlas-specific events in our programme.

Atlassing allows all birders to share bird sightings with the SABAP project. This data can then be used by ornithologists and conservationists to study bird movements, migration and conservation needs. (And, of course, it is also available to birders to help them plan future birding trips.)

In November a number of BLNG atlassers participated in the Waterberg IBA (Important Bird & Biodiversity Area) Atlas Bash, organised by the Northern Bird Club Regional Forum of BLSA. The Waterberg was selected so as to support the monitoring work that Warwick and Michelle Tarboton are doing in the IBA. The group of 10 vehicles targeted pentads with little or no coverage. Over the weekend 297 species were logged and 102 cards submitted. Personally, it was a privilege to work side-by-side with these highly experienced birders.

Thank you to everybody who supported Birding Big Day on the 24th of November. Birding Big Day is all about celebrating the wonderful diversity of birds we have in South Africa, as well as our wonderful hobby – and not only about who can see the most birds on one day!

As we are approaching the end of this year, I would like to thank all the committee and sub-committee members for their diligence, commitment and hard work.

I also want to thank all of our event leaders. We are privileged to have a group of excellent leaders in the club, who are always willing to share their time and knowledge.

Finally, a very big 'thank you' to all our members. You are the ones who support our events and together we are making BLNG such a great club.

Happy birding!

*Elouise*

# BLNG outing to Heilbron, 22 July 2018

John Kinghorn

Kicking our day off at a rather crisp 1°C, six vehicles filled with eager BLNG members enthusiastically tackled the network of farm roads just north of the Free State town of Heilbron, and just south-west of Deneysville, in the hope of uncovering some of the region's avian gems so often sought after in the drier, quieter winter months. The targets for the day: a selection of some of the Wider Gauteng 100 km Challenge area's trickier species, including the likes of Double-banded Courser, Karoo Scrub Robin, Orange River White-eye and Swallow-tailed Bee-eater [Dubblebanddrawwertjie, Slangverklikker, Gariepglasogie, Swaelstertbyvreter] with the outside hope of stumbling upon a lost Burchell's Courser [Bloukopdrawwertjie] in a fortuitous repeat of June 2016!

It wasn't long before we happened upon our first target for the day, five stunning Swallow-tailed Bee-eaters having placed themselves tactically next to some boxed beehives in amongst a stand of flowering blue gums. A lifer for many, we had set the tone for what was to be a truly fantastic day out in the field! Tirelessly scanning the large open fields for any sign of the stop/start running habits so typical of coursers, we eventually found three extremely obliging Double-banded Coursers who gave great views to all. Coffee, a leg stretch and a couple of *toebroodjies* now down the hatch and we were off again, this time to a nearby drainage line for our date with a certain scrub-robin and some sexy little peach-flanked white-eyes! The scrub-robin was first to show off to a supporting cast of 'oohs' and 'ahhs', soon followed by a pair of Orange River White-eyes who found intriguing either my odd spishing techniques or the aforementioned murmurings of Karoo Scrub Robin–driven astonishment. With all the morning's targets in the bag our focus and attention shifted to twitching a Ruddy Turnstone [Steenloper] which had turned up at Leeukuil Pan near Sharpeville, a mere 30 minutes drive north of our location.

Any inland records of these peculiar-looking, stone-turning, oceanically inclined shorebirds are few and far between and so the excitement and sense of relief when we arrived simply to see the star of the show going about his business with his newly acquired Three-banded Plover [Driebandstrandkiewiet] friend was palpable to say the least. Joined by an ensemble of Maccoa Ducks [Bloubekeend],



Louis Burger

snow-white non-breeding-plumaged Black-necked Grebes [Swartnekdobbertjie] and both Cape and Hottentot Teals [Teeleend, Gevlekte Eend], this township pan was crawling with potential... and mosquito larvae – lots and lots of mosquito larvae.

All-in-all, a fantastic day which produced upward of 90 species including no less than seven Blue Korhaan [Bloukorhaan] sightings and various coveys of Orange River Francolins [Kalaharipatrys]. A large percentage of the group got upwards of two lifers (some even five!) and avian highlights aside it is always a treat being able to spend time admiring the natural scenic beauty that the Free State and southern Gauteng have to offer.

# BLNG ontdek 'n skat in die Caprivi

Janelle Verster

Iemand het eenmaal gesê dat voëlkyk soos 'n skattejag is: jy het 'n kaart waarop aangedui is waar jy kan soek, maar jy kan jou gewoonlik ook regmaak vir heelwat avonture langs die pad. Dink maar aan die tipiese skatsoekstorie oor die televisie of op die grootskerm. Die 'probleem' met voëlkyk is egter dat x'e op jou kaart maar net 'n vae aanduiding gee van waar die skat al voorheen raakgesien of -gehoor is, so dit maak dit nog soveel meer opwindend en uitdagend. Jy kom dikwels daar en dan het die skat (voël) reeds geskuif. Of die kaart is verouderd. Of jy ontdek sommer onverwags jou eie skat.

Kom gerus saam met my, Janelle Verster, op 'n woordeskattejag na BLNG se Botswana-en-Caprivitoer van 2018. 'n Toer wat ek altyd sal onthou. Ek tel van die getal vyftien af tot by nul met interessante brokkies inligting oor die toer. Dalk lees jy tussen die lyne die leidrade en ont-syfer jy dalk dat jy by die volgende geleentheid wil gaan saam soek...

**15 – Die aantal mense wat die toer meegemaak het**

Ons was soveel soos 'n hele rugbyspan vol mense wat op die toer gegaan het. Hulle sou ons seker die Bulle óf die Leeus kon noem, want ons was van Pretoria en Johannesburg, maar 'n meer gepaste spannaam vir 'n groep voëlkykers sou seker die Wulpe of die Spreeus wees. Ons spanlede het gewissel in ouderdom – daar was van twintigers tot sewentigers – en daar was sewe dames en agt mans. Die meeste van ons het een Sondagaand in die winter by Karin en Kobus Coetzer se huis ontmoet oor 'n heerlike soppie. Party van ons het aanvanklik maar onseker voorgekom. Wat gebeur by die grensposte? Watter tipes kos kan ons saamvat? Gaan ons gereeld genoeg in die 'wilde' dele van Botswana en Namibië brandstof kry? Karin, ons toerorganiseerder, en Dawie Rotteveel, ons toerleier, kon ons darem grootliks gerusstel en ek het versigtig begin uitsien na die toer, al was die plekname, medevoëlkykername en selfs van die betrokke twee buurlande se voëlname nog vir my vreemd.

**14 – Die aantal nuwe vriende wat ek op die toer gemaak het**

As ek tegnies wil wees, seker net 12 núwes, aangesien ek reeds vooraf met my man, Pieter Verster, en met Michal Groenewald bevriend was. Maar julle kry die idee. Ek het vooraf ernstig getwyfel of so 'n groot groep mense, waarvan die meeste maar vreemdelinge vir mekaar was, vir soveel dae sou kon saamleef sonder om vas te sit of geïrriteerd te raak. Ek kan nou met groot sekerheid sê dat dit heelte-mal moontlik is! Dit was heerlik om elkeen van my medetoeriste te leer ken en saam met hulle soveel spesiale herinneringe te kon skep. By elkeen van hulle het ek sommer baie geleer: soms lesse oor die natuur, maar veral ook



Sean Naude

*'n Witkruiskatlagter met 'n ring*



Osie van Niekerk

*Withalssprinkaanvoël sit stil-tevrede op sy rots*




Michal Groenewald

*Die Moeraswaterfiskaal met sy wit magie*

belangrike lewenslesse. Ek hoop die leser sal my die geleentheid gun om my waardering vir elkeen van hulle wat die toer meegemaak het, met een mooi byvoeglike naamwoord elk uit te spreek (glo my, ek sou nog baie mooi woorde kon byvoeg): veelsydige Dawie, optimistiese Ilindi, gerusstellende Elouise, interessante Punch (Christo), vlytige Marina, hartlike Osie, 'witty' Robin, 'pleasant' Sean, 'courageous' Geoff, belangstellende Desré, 'strong' Jenny, bekwame Michal, tevrede Johan en inspirerende Pieter. (Ek het vir die Engelssprekendes 'n Engelse woord gegee waar moontlik – 'skies Desré, maar ek kon nie 'n ekwivalent in my beperkte Engelse woordeskat opspoor nie.)

**13 – Die helfte van die aantal nuwe voëls wat ek en my man gesien het**

Sjoe, dit klink na 'n woordsom. Die antwoord is dat ek en my man, Pieter, so bevoorreg was om 'n volle 26 nuwe voëls ('lifers') te sien! Die getal sou natuurlik nie vir almal op die toer dieselfde wees nie, maar ek dink die boodskap kom deur: ons was baie bevoorreg om 'n magdom spesiale voëls te sien, sommige voëls vir die eerste keer ooit en ander vir 'n tweede, derde, of maak-nie-saak-hoeveelste keer nie – hulle bly besonders.

Die 'lysie' het amptelik afgeskop by Shakawe River Lodge in Botswana: dit is ook hiér waar Dawie Rotteveel by ons toergroep aangesluit het ná sy baanbrekerverspieding van die omgewing die vorige paar dae. Die Witkruiskatlagter [1; Hartlaub's Babbler] het sommer in die kampterrein vir ons gewag, terwyl die Moeraswaterfiskaal [2; Swamp Boubou] met sy spierwit pensie ons gereeld met sy geroep vermaak het. Ons was baie verbaas en opgewonde om 'n Witborskatakoeroe [3; White-breasted Cuckooshrike] óók op die perseel te siene te kry.

Tydens ons bootrit hier het ons die Rooibruinrietsanger [4; Greater Swamp Warbler] met sy kenmerkende geluid wat my aan die Pacman-deuntjie laat dink, teëgekom. Ook van die boot af het ons met die klein Bruinvuurvinkie [5; Brown Firefinch], die medium Witvlerkkiewiet [6; Long-toed Lapwing] en die groot Grootvleiloerie [7; Coppery-tailed Coucal] te doen gekry. Verder was die Piepende Tinktinkie [8; Chirping Cisticola], met sy voorliefde vir papirus, nie te ver vanwaar 'n mens sy x'ie op die kaart sou trek nie (x op 'n skatkaart dui mos gewoonlik 'n skat aan). Van die Luapulatinktinkie [Luapula Cisticola] was daar egter geen teken nie, al is hy blykbaar


Michal Groenewald

*Die Spitsstertglansspreeu blink soos 'n edelsteen*

algemeen daar. Sou dit die voël wees waarop ons uitmis ('dip')?

Ons was skaars op pad na ons volgende bestemming, net sowat 'n kilometer buite Shakawe River Lodge se hek, toe Pieter die Swartwangkatlagter [9; Black-faced Babbler] met sy ligte ogie kry. Ons kon darem die res van die groep met behulp van die tweerigtingradio's in kennis stel van 'n groepie van hierdie voëls wat hulle verbasend min aan ons gesteur het (dalk omdat hulle tussen die plaaslike wonings was en gewoond aan mense?). Hier het Michal ook 'n Enkelbandslangarend [Western Banded Snake-Eagle] sien oorvlieg, maar ek was ongelukkig te stadig om hom óók nog te sien.

Van hier af is ons deur die Muhembo-grenspos en deur die Mahango-natuurreservaat Namibië in. Weer was daar geen teken van die geheimsinnige Luapulatinktinkie nie, al was daar heelwat van wat na geskikte habitat gelyk het. Net voordat ons by ons volgende bestemming – Shametu naby Divundu – aangekom het, het 'n Bradfieldse Neushoringvoël [10; Bradfield's Hornbill] ons verwelkom. Vanaf die oord se dek kon ons Withalssprinkaanvoëls [11; Rock Pratincoles] uitken waar hulle op die klippe in die rivier sit.

In die omgewing rondom Divundu het ons verder drie baie spesiale voëls gekry: Spitsstertglansspreeus [12; Sharp-tailed Starling] met hulle besonderse kleurskakering van blougroen, twee Souzase Laksmanne (of 'n laksman en laksvrou dalk?) [13; Souza's Shrike] en Nommer 14, die .... (lees verder om my gunstelingvoël van die toer op te spoor).


Sean Naude

*Die Souzase Laksman hou die skatsoekers met 'n houtoog dop*


Osie van Niekerk

*Ernstige konsentrasie*

**12 – Die aantal slaggate per minuut tussen Lake Ngami en Shakawe**

Net 'n grappie. Maar nie regtig ver van die werklikheid af nie. Amper al die paaie op ons toer was goed tot baie goed, maar die pad waar 'n mens links draai na Shakawe om deur Nokaneng en Gumare te ry, het nie verniet 'n slegte reputasie nie. Ons is daarop voorberei: verwag sowat drie ure se ry aan 'n skamele 90 kilometer. 'n Indiana Jones wat sy sout werd is, loop nie net 'n reguit pad na die skat toe en tel hom op sy skouer nie. Kort ná die afdraai om wes van die Okavango-Delta verby te gaan, moes Indiana en sy geselskap eers rus van al die uitswaai vir gevare. Ek sê egter nie sommer nee vir die geleentheid om 'n lekker fleskoffietjie te drink en 'n bietjie die vreemde omgewing (te voet) te verken nie.

Maar eintlik moet ek die volgende twaalf van my nuwe voëls hier bespreek, so voor ek


Osie van Niekerk

*Die asemrowende uitsig by Shakawe River Lodge*


Osie van Niekerk

*Marina, Jenny en Desré in die kampterrein by Shakawe River Lodge*

van die spoor afdwaal, laat ek begin.

Nie ver van Shametu af nie is Ngepi Camp, 'n oord waar ons een laatmiddag lekker gaan ontspan het. (Nie dat die toer nie oor die algemeen ontspanning was nie – kan 'n mens dan ontspan van ontspanning?) Die vriendelike personeel het ons toegelaat om op die indrukwekkende terrein rond te stap, en tussen (regtig) interessante – wat 'n mens seker kan noem 'kuns' – toilette onder bome en op stellasies, het ons gaan soek vir nog voëls. Daar was Witpelikane [Great White Pelicans], Oopbekooievaars [African Openbills], Nimmersatte [Yellow-billed Storks] en nog baie ander voëls in en bo die rivierbedding, sowel as Bosveldpapegaaie [Meyer's Parrot] in die bome, maar die hoogtepunt was 'n Gestreepte Vleiloerie [15; White-browed Coucal] wat lede van ons span uitgesnuffel het.

Dit was die tweede van 'n driekuns vleiloeries. Die derde vleiloerie sou die Senegalvleiloerie [16; Senegal Coucal] wees, wat party van ons in Katima Mulilo en ander in Kasane gesien het. Maar nog voor die eerste Senegalvleiloerie was daar Langkuifloeries [17; Schalow's Turaco] – ons was skaars op Caprivi Houseboat Safari Lodge se terrein toe die eerste een kuif uitsteek; ook was daar Rooipensreiers [18; Rufous-bellied Heron] op ons middaguitstappie na die vleilande saam met ons vriendelike gasheer Curt en sy behulpsame kollega Rachelle; en ook was daar, uiteindelik, die Luapulatinktinkie [19; Luapula Cisticola]: sommer net 'n entjie buite die hek!

Nóg nader aan die hek het ek en Elouise die raaisel van die nog-nie-heeltemal-in-broeidrag-nie-Kopersuikerbekkies [20; Copper Sunbird] opgelos. Curt-hulle het ons ook na 'n plek waar daar Knopsterttroupante [21; Racket-tailed Roller] was gelei en later ook na die Bontpiek [22; Arnott's Chat]. Dit is hier waar Sean ongelukkig sy bril verloor het (ek het julle mos gesê daar is altyd een of ander kinkel in die kabel tydens 'n skattejag...). Die voëlsoekers moes toe nou bril soek, maar was nie baie suksesvol nie...

In die Katima-dorp het Pieter en Osie se speurtogte onderskeidelik tot die ontdekking van 'n Witkeelmossie [23; Northern Grey-headed Sparrow] en Klein-blouoorglansspreeu [24; Miombo Blue-eared Starling] aanleiding gegee.

By Kasane se Mowana Safari Lodge & Spa (ook op die gholfbaan hier) het die Palmmôrelysters [25; Collared Palm-Thrush] ons middag gemaak en op pad na Woodlands toe die volgende dag het ons die Swartberglyster [26; Boulder Chat] en sy vroutjie op 'n klipkoppie langs die pad gekry. Ons was nou op pad na ons laaste bestemming voor ons terugkeer na Suid-Afrika en ek was hartseer toe dit tot my deurdring dat dit die laaste vol dag van die toer is.

**11 – Die aantal dae wat die toer geduur het**

Wel, dit is seker debatteerbaar presies hoe lank die toer geduur het, want ek en Pieter het 'n ekstra aand by



Michal Groenewald

*Ngepi, plek van die Gestreepte Vleiloerie en vriende*



Sean Naude

*Die Palmmôrelyster sê goeiemôre*

Botsalano-natuurreservaat naby Zeerust in die Noordwes oorgeslaap aan die begin van die toer. Dít sodat ons nie op die eerste dag so ver hoef te gery het nie. Of dalk eerder om die vakansie 'n bietjie uit te rek...

Amptelik was die toer geskeduleer vir 20 – 30 September 2018. Elf dae en ongeveer 3 500 km se ry in totaal het 222 voëls in Botswana en 237 in Namibië opgelewer. Hierdie skatkis was tot oorlopens toe vol!

Ek het gewonder hoe dit sou voel om vir so lank soos elf dae te kamp – dit sou baie langer wees as wat ek al ooit gekamp het en (tot die res van die groep se vermaak) leer ek en Pieter maar nog hoe dit ordentlik gedoen word. Vir dié wat verkies het om nie tent of daktent op te slaan nie, was daar ook 'n opsie om in meer permanente en luukser strukture te oornag. Maar die kampering het toe so goed afgeloop dat ek dit hierna sommer baie meer gereeld sal wil doen. Die kampterreine was uitstekend toegerus en silwerskoon.

**10 – Die punt wat die toer uit tien kry!**

Dit was voorwaar 'n tien-uit-tien-toer. Opwindend. Pret. Avontuur. Lag. Deel. Gesels. Braai. Leersaam. Vreedsaam. Beeldskoon. Tien woorde wat ek met die toer assosieer. Ek kan kwalik aan iets dink wat dit nog lekkerder of beter sou kon maak. Behalwe dalk om nie my handdoek by die huis te vergeet het nie...

**9 – Die aantal koue koeldranke wat ek elke dag sou wou drink**

Gelukkig was dit baie warm en die gebrek aan 'n handdoek het nie te veel gepla nie: 'n mens is gou weer droog ná 'n stort in hierdie wêreld. Maar selfs ek, wat nie maklik te warm kry nie, sal erken dat die hitte die kraaie en mense partykeer 'n bietjie aan die gaap gehad het. Indiana Jones moes partykeer stry teen die hitte-vaak wat hom van sy skat sou kon weerhou. Die kwik het gereeld in die veertigs gedraai, maar dit kon ons egter nie keer om van geleenthede om voëls te sien, gebruik te maak nie. Ek dink net nie ek het in my lewe al so baie liter water en koeldrank per kilometer gedrink nie.

Dit het egter nie gelyk of die Tropiese Waterfiskaal [Tropical Boubou], Gompou [Kori Bustard], Lelkraanvoël [Wattled Crane] of Rooikeelreier [Slaty Egret] te veel met die temperatuur gesukkel het nie. Die Bosveldpapegaai [Meyer's Parrot], Gryskapokvoël [Grey Penduline-Tit], Swarthelmlaksman [Retz's Helmetshrike], Geelglasogie [African Yellow White-eye] en Gevlekte Sandpatrys [Burchell's Sandgrouse] het ewe gemaklik gelyk. Net die massas Oopbekooievaars [African Openbills] het saamgegaap.

**8 – AGTing**

Dit wat ek vir die toerorganiseerders en -leiers het. Respek.


Michal Groenewald

*Die Tropiese Waterfiskaal lyk gemaklik in die hitte*


Michal Groenewald

*Die Gryskopspeg en die rooi diamant*

Dawie Rotteveel was ons gids en het ontsagwekkende natuurkennis. Hy het (letterlik en figuurlik) uit sy pad uit gegaan om vir ons spesiale voëls te soek en die toer vir ons sodoende baie spesiaal gemaak. Ons was baie bevoorreg om sóveel van die kosbare Skepping by hierdie dominee te leer.

Karin het baie tyd ingesit en baie moeite gedoen om 'n puik toer te reël. Die toerprogram en verblyf was uit die heel boonste rakke. Die logistieke presisie was van onskatbare waarde.

Danksy Dawie en Karin se haarfyn beplanning kon ons menige nuwe voëls by ons lewenslys voeg en 'n heerlike reis hê.

Elouise (BLNG se voorsitter) en Punch Kalmer het ook verskriklik baie moeite gedoen – dikwels agter die skerms, wanneer almal al moeg was van die dag se kerjakker en onbewus van die betalings wat gemaak moes word en reëlings wat getref moes word.


Osie van Niekerk

*Ai, maar jy is mooi, Witkopkiewiet!*

Aan almal wat 'n aandeel gehad het aan die reël van hierdie toer, wil ek uit my hart baie dankie sê en ek is seker dat ek dit namens die hele groep kan doen.

**7 – Die aantal voertuie in die vloot**

Nog 'n groot voorreg wat ons gehad het, was dat niemand op die toer ernstige karmoeilikheid gehad het nie. Dawie het ongelukkig 'n buffer en 'n band verloor, maar in die proses 'n kostelike storie bygekry wat hy kan vertel. Party van ons se aanvanklike vrees dat ons petrol sou opraak met geen vulstasie binne bereik nie, was ook verniet. Ook was dit baie lekker om 'n tweerigtingradio in elke voertuig te hê. As iemand sou agter raak, kon ons hulle weer opspoor. Ons het selfs vasvra gehou en interessante feite daaroor gedeel. Voëls uitgewys en teen slaggate gewaarsku.

**6 – Die aantal verskillende plekke waar ons gebly het**

As 'n mens na ons padkaart kyk, sal jy sien dat die meeste x'e naby Shakawe (Botswana), asook Divundu en Katima Mulilo (Namibië), getrek is. Hierdie kosbare plekke is egter nie net om die draai van Gauteng af nie, so ons het elders ook oorgeslaap op ons tog. Ons het mekaar by Kalahari Rest Lodge ontmoet die Donderdagmiddag wat die toer amptelik begin het (20 September 2018), waar voëls soos die Priritbosbontrokkie [Pririt Batis]


Sean Naude

*Die wonder van sononder*


Sean Naude

*Lekker braai by Senyati*

en Rooibekfisant [Red-billed Spurfowl] 'n bonus was. Vandaar het ons die volgende oggend vertrek na Shakawe River Lodge, in die hartjie van die skatkamer (die beloofde avonture was wel daar – sien Punt 12 hierbo...).

Om by Shakawe River Lodge se 'voorportaal' deur te gaan na die rivier toe, was vir my soos om 'n skatkis oop te maak: asemrowend. Aan die een kant begroet Heuglinse Janfrederik [White-browed Robin-chat] jou en dan loop jy deur na die ander kant waar hordes Rooikeelbyvreters [White-fronted Bee-eater] – selfs twee met geel kele! – en watervoëls jou inwag. In die aand het ons Laeveldnaguile [Square-tailed Nightjar] gehoor en 'n Bosuil [African Wood Owl] gesien.

Shametu het 'n heerlike dek wat as uitkykpunt oor die rivier dien. Die restaurant se kos is baie smaaklik en die kampterrein is besonder netjies met gerieflike ablusieblokke wat by elke private staanplek wat vir 'n paar tente bedoel is, voorkom. Hier het ons drie nagte oorgeslaap tussen Geelborskleinjantjies [Yellow-breasted Apalis], Maricosuikerbekkies [Marico Sunbird] (wat ons verbeeldings talle keer in Swartpenssuikerbekkie [Shelley's Sunbird] probeer verander het) en Oranjeborsboslaksmanne [Orange-breasted Bush-Shrike] wat bedags dik stukke in die bome gesels.

Van Shametu af het ons aangeskuif Caprivi Houseboat Safari Lodge toe vir 'n verdere drie nagte. Hier het baie van ons vir die eerste keer kennis geneem van die Gryskopspeg-ras [Olive Woodpecker] in die Noorde van ons Suider-Afrikaanse streek wat 'n rooi 'diamant' op sy pensie het. Ek het julle mos vertel dit was 'n skattejag! Diamantspegte, Goudwewers en turkooisedelgesteentes wat in die voëlboek Spitsstertglansspreeus genoem word.

Volgende uit die skatkis was 'n stortvloed robyne. Die eerste laatmiddag in Katima Mulilo is ons na 'n plek waar die Rooiborsbyvreters [Southern Carmine Bee-eater] soos rysmiere rondvlieg. In hulle duisende. Nie dat ek probeer tel het nie – dit sou feitlik onmoontlik wees. Oral waar jy kyk, is daar byvreters. Wanneer hulle opvlieg, is dit soos 'n pienk stofwolk. Telkens verdwyn van hulle onder die grond in waar hulle tonnels grawe. Meer as een lid van die groep het hierdie ervaring as hul hoogtepunt van die toer beskou.

In die diep skemer op pad terug na die blyplek het (ongelukkig net party van) ons 'n Natalse Naguil [Swamp Nightjar] gesien. Dan was daar ook 'n Witkopkiewiet [White-crowned Lapwing] in die omgewing en 'n lekker geskerts oor hoe moeilik dit was om die oomblik op kamera vas te vang en hoe ons versigtig moes ry om nie in een van die byvretertonnels te beland nie.

Ná Katima Mulilo is ons toe na Kasane. Hier loop die vlakvarke in die dorp rond en moet 'n mens partykeer wag vir 'n olifant om klaar oor die pad te loop. Ek en Pieter het gou gaan inkopies doen en in die proses op die warmbron net buite die dorp afgekom waar Goudsnip [Greater Painted-snipe], Kemphaan




*Ontelbare Rooiborsbyvreters*




*Die jong Visuil*

[Ruffs], Bosruiter [Wood Sandpipers] en Gewone Ruiter [Common Sandpiper] waad en Indiese Spreeus [Common Mynas] – ongelukkig – ver weg van hulle 'x' op die kaart windmakerig rondstap.

Die laaste slapie van die toer het ons by Woodlands, buite Francistown, deurgebring. Dit was die eerste aand wat dit koelerig was en die wind het plek-plek aan die tent geruk. Miskien was dit simbolies van die werklikheid wat besig was om deur te dring: ons toer was besig om einde se kant toe te staan. Wanneer ons opstaan, is dit net die paar honderd kilometer tot by die grens, en van daar af die paar honderd deur plekke soos Vaalwater en Ellisras, wat tussen ons en Gauteng staan.

**5 – My gemiddelde opstaantyd tydens die toer?**

Seker nie heeltemal so vroeg soos vyfuur nie. En uit vrye keuse. Daar was so baie wat ek




*Wil jy nie dalk nóg nader kom nie, Watertrapper?*

en Pieter wou doen. Een ding waaroor ek wel spyt is dat ek nié gedoen het nie, is dat ek nie later wakkergebly het om meer tyd in die voëlskuiling van Senyati-safarikamp buite Kasane te bestee nie. Hier het soveel diere by die watergat kom drink en dit was vir my 'n spesiale ervaring om te sien hoe elkeen uit die niet verskyn en elkeen (selfs van dieselfde spesie) op sy eie manier water drink: bobbejaan, kameelperd, olifant, hiëna en voël.

**4 – Die aantal keer wat ek gaan hardloop het**

Volgens my het elkeen in ons groep genoeg tyd gehad om te doen wat vir hom of haar lekker is bo-en-behalwe elke dag se geskeduleerde voëlkyk. Vir lekker gesels was daar oorgenoeg tyd en ek het ook 'n hele paar keer die sand-, grond- en teerpaaie gaan verken met my hardloopskoene. Op verskeie plekke langs die pad het vriendelike, nuuskierige kindertjies van die plaaslike gemeenskappe gewaai tot ek en Pieter vér oor die horison verdwyn. Ander toergangers het gelees of laslappiewerk gedoen, terwyl ander weer geatlas het op BirdLasser. Dawie het, ná ons te veel gekerm het, maar ingegee en ons met sang om die kampvuur vermaak. Pieter het ons meer van die voëlatlasprojek geleer. Ons het vir talle staaltjies om die kampvuur gelag. Marina en Osie het ons meer van bome geleer. Dis verbasend hoe goed 'n mens eintlik sonder 'n selfoon oor die weg kan kom en hoeveel langer 'n dag kan voel daar



Osie van Niekerk

*Ons geniet ons gate uit op Caprivi Houseboat se boot*



Sean Naude

*'n Waterploeër in vlug*

in die vreemde. Daar was wel plekke met sein en Wi-fi vir dié wat familie wou kontak of vinnig met die sport wou opvang.

**3 – Die aantal boottritte waarop die toergroep was**

Soos ek vroeër genoem het, het ons ook die voorreg en plesier gehad om boot te ry. Ons eerste bootrit was op die rivier by Shakawe River Lodge tydens ons eerste oggend in die groter omgewing van die Okavango-delta en die Caprivi-strook. Dit was 'n ongelooflike ervaring om so tussen die papirus wat aan weerskante van die rivier groei, te ry. Daar was 'n groot verskeidenheid en oorvloed reiers. Behalwe vir die 'lifers' wat ons hier gekry en wat ek reeds genoem het, het ons Bontvisvangers [Pied Kingfishers], 'n Grootriethaan [African Rail], Kuifkopvisvanger [Malachite Kingfisher] en Reusevisvanger [Giant Kingfisher] gekry – om net 'n paar te noem. Ons het in 'n stadium by 'n stuk private grond aangeland waarna die skippers spesiale toestemming gehad het om ons te neem omdat hier iets baie spesiaals bly: Michal het eerste die jong Visuil [Pel's Fishing Owl] raakgesien en hy het lank mooi gesit dat die groep foto's kon neem!

Beide die tweede en derde bootrit was vanaf Caprivi Houseboat Safari Lodge af, op die Zambezirivier. Party van ons het op BirdLasser ge-atlas en gesien dat sommige van die voëls wat ons vanaf die boot gesien of gehoor het, eintlik in Zambië was, so ek het nou wat 'n mens seker 'n 'Zambiëlys' noem sonder dat ek al ooit deur 'n Zambiese grenspos was.

Vanaf die Caprivi Houseboat Safari Lodge se boot het ons onder meer 'n Witrugnagreier [White-backed Night Heron], verskeie Watertrappers [African Finfoot] – kan hulle nie maar so 'mak' wees in SA ook nie? – 'n Blouvisvanger [Half-collared Kingfisher], minstens een Visarend [African Fish Eagle], 'n Vaalstrandkiewiet [White-fronted Plover] en talle Waterploeërs [African Skimmer], sommiges met kleintjies, gesien.

**2 – Die aantal oggende wat ons na die Rooipensmees gaan soek het**

Laat my toe om gou terug te keer na die berugte Nommer 14-voël waarvan ek gepraat het. Op hierdie toer het ek opnuut geleer om nie moed op te gee nie. Om eerlik te wees, hét ek eintlik al na ons aanvanklike soektog opgegee op die voël wat ek die heel graagste op die toer wou sien: die Rooipensmees [Rufous-bellied Tit]. Vooraf het ek en Pieter male sonder tal sy geluid geluister of selfs nagemaak sodat ons hom in die veld sou kon probeer herken. Maar vir twee oggende wou hy net nie sing of sy gesig wys waar Dawie hom enkele dae vantevore gekry het nie.

Ons moes 'n hele aantal kilometer ry van waar ons gebly het om hom te gaan soek. Ná 'n hele ent se loop twee verskillende oggende (gewoonlik is ek op my gelukkigste as ek kan stap, maar die veld was maar stil en dit het net

Michal Groenewald



*Die MEESte mense het baie van die Rooipensmees gehou*

al hoe waarskynliker gelyk dat ons hom nie sou opspoor nie) het ons maar eindelik die aftog geblaas en (party van ons moedeloos) teruggekeer kar toe. Ek dink egter Elouise het vooraf met die mees gereël om ons by die karre in te wag, want sy het vir Dawie gesê hy gaan seker by die kar wees wanneer ons daar kom... en toe wag daar twee by die karre!

**1 – Die minimum aantal keer wat ek sal aanbeveel dat elke voëlliefhebber of skatsoeker op so 'n toer moet gaan**

Ek en Pieter hoop dat ons eendag weer die geleentheid sal hê om saam met BLNG op so 'n toer te gaan. Ons sal baie graag ook weer vir die Geelkeelwillie [Yellow-throated Leaflove], wat onder raaiselagtige omstandighede verdwyn het sedert hy die vorige week by Caprivi Houseboat Safari Lodge gesien is, en die Enkelbandslangarend [Western Banded Snake Eagle] wil gaan soek.

**0 – Hoe lus ek was om terug te kom!**

Dit was maar 'n redelike moeilike storie om die Maandag na ons die Sondag teruggekom het, weer by die normale werksroetine aan te pas.

Gelukkig het Pieter vir ons elkeen met 'n uitdaging gelos: om elkeen elke maand ons tuispentad ten minste een keer op BirdLasser te atlas en ook oor die volgende twaalf maande te kyk hoeveel van die voëls wat meer as 10% van die tyd in ons tuispentads aangetref word, ons kan opspoor. Só kan ons almal aangaan met ons skattejag en herinner word aan ons lekker tye saam tydens die BLNG-Caprivi-en-Botswana-toer van 2018.

Ons het ook die voorreg gehad om 'n reünie te hê en van die toerfoto's met mekaar te deel by 'n geleentheid wat Johan en sy vrou, Mariki, so gaaf was om vir ons te reël 'n week ná ons terugkeer. Hier kon ons met heimwee terugdink aan die skattejag van 'n leeftyd.

**WELCOME TO BLNG!**

Aan alle nuwe lede – baie welkom! Ons sien daarna uit om julle by ons aandvergaderings, daguitstappies of tydens 'n naweekkamp te leer ken.
*We trust you will enjoy your birding with us. Please contact Rita at secretary@blng.co.za or 083 391 2327 if you have any queries or requests.*

Leon Niemand, Lyttelton; Martjie, Jurry, Arend & Wilmarie Kuipers, Rayton; David Milne, Garsfontein; Christine Bezuidenhout, Colbyn; Mark & Jill Theron, Muckleneuk; Peet Rebel, Doringkloof; Dries du Plessis, Bronkhorstspruit; Marion Langrand, Eastwood; Denise Roode, East Lynne; Ivonne & Theo Coetzee, Waverley; Anneke & Leon Jordaan, Queenswood; Hannetjie Nellmapius, Menlo Park

# A weekend away with the bird club: Verlorenkloof, October

Ilse Müller

Verlorenkloof is a farm in Mpumalanga, not far from Dullstroom. It lies in a valley flanked by the Crocodile River and the Steenkampsberg.

On arrival we saw the cottage through the trees at the foot of the mountain. The call of the Purple-crested Turaco [Bloukuifloerie] drew us up the gorge to the Verlorenkloof Waterfall. The Olive Bush-Shrike [Olyfboslaksman] was very vocal, but elusive. To our delight the Chorister Robin-chat [Lawaaimakerjanfrederik] and Brown-backed Honeybird [Skerpbekheuning-voël] – among others – were not quite as shy!

Back at the cottage we had the traditional braai and an opportunity to meet everybody. After a good night's rest, we walked down



Philip Calinikos

*At Verlorenkloof Falls*



Philip Calinikos

*Along the Crocodile River*



Michelle Luyken van Niekerk

*Chorister Robin-chat/Lawaaimakerjanfrederik*



Philip Calinikos

*Robin's Kloof*



Michelle Luyken van Niekerk

*Olive Bush-Shrike/Olyfboslaksman*



Michelle Luyken van Niekerk

*Dark-capped Yellow Warbler/Geelsanger*

towards the open fields and the river. The weather was poor, but there was always one or other bird to discover. The Cape Grassbird [Grasvoël] was calling, the various weavers and widowbirds and the ever-present African Stonechat [Gewone Bontrokkie] were going about their business. At the river we heard the croaking and then saw the bird suspended – mid-air – in a split between two grass stalks. It really looked funny, and I wondered how this Croaking Cisticola [Groottinktinkie] would manage to get out of it again.

In the afternoon we drove around, as the rain became uncomfortable. The Bald Ibis [Kalkoenibis] was stalking through the fields and at the Kwena Dam a flock of more than 20 Knob-billed Ducks [Knobbeleend] were resting.

The evening was spent around the table and what would we talk about, if not birds! Sunday morning was the highlight of the weekend. The clouds lifted, the sun came through and the day was just perfect. We took to Robin's Kloof. The Narina Trogon [Bosloerie] was calling and was spotted soon after. He followed us up the kloof and we could view him from all possible angles: what a splendid bird it is. A juvenile Olive Bush-Shrike [Olyfboslaksman] had us fooled, thinking it was a greenbul. Then at last we spotted an adult. The Yellow-throated Woodland Warbler [Geelkeelsanger] was very busy in the canopy and the Green-backed Camaroptera [Groenrugkwêkwêvoël] really had a green back.

Most of us left that afternoon, but some of us lingered on. The sight of a Malachite Sunbird [Jangroentjie] on a *Scadoxus* flower was just the proverbial cherry on the top. It was a wonderful weekend, especially to me as a new member. A great 'thank you' to the companionship of the fellow birders, and a round of applause to the organisers from BLNG and to Philip Calinikos – in particular – for sharing his knowledge and love of our birds.

**DONATIONS (February – May 2018)**

Once again, a sincere thank you for your generous donations. Your contributions help us to support bird conservation projects, and are greatly appreciated.
*Weereens baie dankie vir u donasie. U skenkings verseker dat ons 'n groter bydrae tot die bewaring van voëls kan lewer. Ons waardeer dit opreg.*

Antony Cooper
Brian & Wilma Moreby
Susan Tremeer

# Birder's Code of Ethics

## Birdlife South Africa

Birders have an obligation at all times to protect wildlife, the natural environment and the rights of others. We provide leadership by adhering to guidelines of good birding behaviour.

**1 Birders do not endanger the welfare of birds or other wildlife.** We will:
- Observe and photograph birds without knowingly disturbing them in any significant way.
- Avoid chasing and repeatedly flushing birds.
- Sparingly use recordings and similar methods of attracting birds and not in heavily birded areas or during breeding seasons.
- Keep appropriate distances from nests and nesting colonies, not disturb them or expose them to danger.
- Refrain from handling birds and eggs unless in recognised research activities.

**2 Birders do not harm the natural environment.** We will:
- Stay in existing roads, trails and pathways to avoid trampling or disturbing fragile habitat.
- Leave all habitats as we find them.

**3 Birders respect the rights of others**. We will:
- Respect the privacy and property of others by observing "No Trespassing" signs, and by asking permission to enter private or posted lands.
- Practice courtesy in our contacts with others. For example, limit requests for information, and make them at reasonable hours.
- Always behave in a manner that will enhance the image of the birding communities in the eyes of the public.


**4 Birders in groups have special responsibilities.** We will:
- Take special care to alleviate problems and disturbances multiplied when more people are present. Act in consideration of the group's interest, as well as our own.
- Support, by our actions, the responsibility of the group leader(s) for the conduct of the group. As group leaders we will:
    - Assume responsibility for the conduct of the group
    - Learn and inform the group of any special rules, regulations or conduct applicable to the area or habitat being visited
    - Limit groups to a size that does not threaten the environment or the peace and tranquillity of others
    - Teach others birding ethics through words and example

# Wader Quest: on a mission to conserve the world's waders

Tamsyn Sherwill


On 3 November, birders the world over, including at least 40 from Southern Africa, took part in the 5th annual World Wader Conservation Watch – an event organised by UK-based organisation Wader Quest. (The final results are still pending, but Southern Africa contributed 12 additional species to the world list, and logged 44 of a possible 66 wader species for the region.)

This worldwide 'birding big day' especially for the select group of bird species that are classified in the sub-order Charadrii within the order Chradriifomes, and collectively known as 'waders' or 'shorebirds' (including, among others, jacanas, plovers, lapwings, avocets and stilts, coursers, pratincoles, thick-knees, oystercatchers, sandpipers, painted-snipes, buttonquail), is intended, in the words of Wader Quest, "not just to highlight waders and the problems they are facing, but also to celebrate the people who are involved, either professionally or voluntarily, in their conservation (…) this event is there to say 'thank you' to them and for the participants to say 'I Care' about what is happening to the world's waders."



Clive Kaplan

*African Snipe/Afrikaanse Snip*



Clive Kaplan

*Black-winged Stilt/Rooipootelsie*

The idea that became Wader Quest was sparked in 2012, in response to the plight of the Spoon-billed Sandpiper. But it started as a 'twitch' – Rick Simpson had once planned a trip to see a Slender-billed Curlew… but the trip never happened, and today it is almost certain that this species is extinct – never to be twitched again. When Rick and Elis Simpson heard that the Spoon-billed Sandpiper (which breeds in northeast Russia and overwinters in Southeast Asia) was facing a similar fate, they vowed that this time they would not be too late. But as they found out more about this species and its story, the desire to 'tick' this bird instead turned into a passion to save it. Rick and Elis decided to travel the world to raise both funds and awareness, against a storyline of a quest to see as many of the world's wader species as possible (succeeding for 175 of the world's 220-odd extant waders, over 15 months, and 14 countries on 6 continents – a visit to Southern Africa contributing 19 species), and using the opportunity to connect with local wader conservation issues, projects and people. Ultimately, the Spoon-billed Sandpiper became the poster-species for its entire suborder, and in 2014 Wader Quest was registered as a charity in the UK.




Clive Kaplan

*Black-winged Pratincole/Swartvlerk-sprinkaanvoël*



Tamsyn Sherwill

*Wattled Lapwing/Lelkiewiet*



Tamsyn Sherwill

*Water Thick-knee/Waterdikkop*



Clive Kaplan

*Crab-Plover/Krapvreter*

Wader Quest's mission is to reverse the global decline in wader populations (seven species are already extinct, and five are categorised by the IUCN Red List as Critically Endangered). They do so not by initiating projects of their own but by generating support for existing projects. A key aim is to inspire and enable community-based conservation – in which locals get directly involved in actions to protect wader habitat that complement the work of large governmental and non-governmental conservation organisations.

Threats to wader populations include loss of habitat, pollution, hunting (sport, subsistence and traditional), and disturbance, along with the background threat of climate change, which has the potential to alter the habitat that remains. Habitat loss is occurring due to, among others, reclamation of intertidal areas, drainage of wetlands, dredging of estuaries, ploughing of grasslands, and afforestation. (For example, the decline in Spoon-billed Sandpipers is linked to loss of habitat on its Russian breeding grounds and reclamation of tidal flats throughout its migratory and wintering range). Pollution impacts include increased sedimentation, inputs of fertilizers and pesticides, heavy metals, plastics and micro-plastics, changes in pH and salinity, and nutrient enrichment. Both habitat loss and pollution decrease wader's food supply.

Wader populations and their breeding success also suffer from disturbance: largely due to the recreational activities of people – quad biking, jet skis, boating, canoeing, dog walking, horse riding, and, yes, birdwatching and

photography – which all, to varying degrees, keep birds from resting, feeding and caring for their young. Ground-nesting birds are also at risk from trampling of eggs and chicks.

Wader Quest's strategy to address the global plight of waders is based on four approaches: conservation, education/awareness, research and fundraising. Some of the initiatives supported include tracking (researching wader movements), captive breeding and headstarting (removing eggs from wild populations and releasing the fledglings back into the wild).

For more info or to get involved: www.waderquest.net, or join the Wader Quest South Africa facebook group.

Further reading: The hatching of Wader Quest: a charity to support wader conservation

# Ringershoekie

## BLNG Ringgroep

**Pretoria Botaniesetuin, 19 Mei 2018 (C-Ringers opleiding)**

Tien A- en ses C-Ringers het Saterdagoggend bymekaar gekom by die Pretoriase Botaniese Tuin vir C-Ringer-opleiding. Ons het 132 voëls gevang waarvan 18 hervangste was. Dit verteenwoordig 26 spesies. Baie besoekers het met belangstelling toegekyk en geluister en uitgevra oor die ringaktiwiteite.



Fransie 'O Brien

*Buffelsdrif: Martin Steyn (links) besig om Michael Cunningham te onderrig in die fyner kunsies van voëlring*

**Ringtoer: Feather River, Sabie, 25-29 Mei 2018**

Vrydag, 25 Mei 2018 het vyf ringers en twee gades byeen gekom by Feather River, Sabie. Ons het 127 voëls gevang waarvan 6 hervangste was. Ons het 27 spesies gevang waarvan die volgende besonders was: Groenkolpensie [Green Twinspot], Witborsduifie [Tambourine Dove], Bergkwikkie [Mountain Wagtail], Kaapse Bosbontrokkie [Cape Batis], Geelstreepboskruiper [Yellow-streaked Greenbul], Witkeeljanfrederik [White-throated Robin-chat], Groenrugkwêkwêvoël [Green-backed Camaroptera], Klein-rooibandsuikerbekkie [Southern Double-collared Sunbird] , Geelkeelsanger [Yellow-throated Woodland-Warbler], Gewone Willie [Sombre Greenbul], Geelborskleinjantjie [Yellow-breasted Apalis], Lawaaimakerjanfrederik [Chorister Robin-chat], Boskrapper [Terrestrial Brownbul], Blougrysvlieëvanger [Ashy Flycatcher], Gevlekte Heuningwyser [Scaly-throated Honeyguide], Bandkeelkleinjantjie [Bar-throated Apalis].

**Buffelsdrif, 2 Junie 2018 (BLNG Klubring)**

Agt ringers het die koue getrotseer op Saterdag 2 Junie 2018 vir 'n lekker ringsessie by Buffelsdrif. Ons het 62 voëls gevang,

waarvan 14 hervangste was (23%). Dit het 19 spesies ingesluit. Oulike spesies wat gevang is: Kleinheuningwyser [Lesser Honeyguide], Suidelike Waterfiskaal [Southern Boubou], Swartwangsysie [Black-faced Waxbill] en 'n 'Regional Rarity', Brilwewer [Spectacled Weaver] wat bevestig is via Elba Swart se BirdLasser. André Marx se opmerking was "Amazing".

**Ringkamp: Bushtrails, 15-17 Junie 2018**

Vier ringers het die gure weer getrotseer gedurende die naweek van 15-17 Junie 2018 onder leiding van Elba Swart.

Ons het 71 voëls gevang waarvan 13 hervangste was. Hervangs persentasie is 18%. Aantal spesies is 23. Oulike spesies was Marico- en Swartsuikerbekkie [Marico and Amethyst Sunbird] en Swartkroontjagra [Black-crowned Tchagra].

**Roodeplaatdam, 23 Junie 2018 (C-Ringer-opleiding)**

Madeleen van Loggerenberg het 'n proef-lopie by Roodeplaatdam onderneem saam met 9 ander ringers. Roodeplaatdam NR val onder Gauteng Provinsie. Na vele onder-handelinge het Madeleen toestemming beding om daar te gaan ring. Ons was egter beperk tot 10 ringers. Ons het 41 voëls gevang wat 17 spesies verteenwoordig het. Dit was 'n nuwe terrein en gevolglik was daar geen hervangste nie. Oulike spesies was: Geelblestinker [Yellow-fronted Tinkerbird], Mikstertbyvanger [Fork-tailed Drongo], Gevlekte Lyster [Groundscraper Thrush], Grysrugkwêkwêvoël [Grey-backed Camaroptera], Witpenssuikerbekkie [White-bellied Sunbird] en Geeloogkanarie [Yellow-fronted Canary].

**Ringgroepvergadering, 30 Junie 2018**

Saterdagoggend het ons om 09:00 by Frik en Wanda se aftreehuis bymekaar gekom vir ons eerste vergadering van 2018, met 18 A-Ringers teenwoordig. 7 Ringers het




*Elba Swart op Bushtrails, 17 Junie*

verskoning gemaak. Ons het die verrigtinge met 'n lekker bring-en-braai afgesluit.

**Voortrekkermonument, 7 Julie 2018 (BLNG-klubring)**

Dertien ringers onder leiding van Elba Swart het die koue getrotseer en vroeg-oggend nette opgesit aan die voet van die Voortrekkermonument. Ons het 48 voëls gevang waarvan 20 hervangste was (42% – die hoogste hervangspersentasie wat ons nog ooit behaal het). Oulike spesies: Witkeeljanfrederik [White-throated Robin-chat], Neddikkie [Neddicky], Bruinsylangstertjie [Tawny-flanked Prinia], Swart- en Witpenssuikerbekkie [Amethyst and White-bellied Sunbird], Streepkopkanarie [Streaky-headed Seedeater], 4 Fiskaalvlieëvangers [Fiscal Flycatchers] (hervangste).



Fransie O'Brien

*Bushtrails: Paula Steyn neem 'n Witliesbosbontrokkie/Chinspot Batis uit die misnette*

**C-Ringer opleiding, 21 Julie 2018**

Sestien A-Ringers en sewe C-ringers het Saterdagoggend by die Eastside Community Church in Garsfontein bymekaar gekom vir ringersopleiding. Ig Viljoen het mooi verduidelik hoe werk koördinate en wat beteken al die terminologie soos grade, minute, sekondes en *pentads*. 'n *Pentad* is 5 x 5 minute (ongeveer 9 km noord–suid en 7 km oos–wes). Chris du Plooy het gepraat oor hoe die betrokke datavorms en Safring *uploads* werk. Martin Steyn en Julian du Plooy het 'n demonstrasie gedoen van hoe die verskillende valle (traps) werk (in die proses het Julian 'n Bruinkopvisvanger gevang en gering). Fransie O'Brien het die reëlings by hulle kerk vir ons behartig. Lekker koffie en tee is bedien en elkeen het 'n bordjie eetgoed gebring. Almal was dit eens dat dit 'n lekker gesellige en leersame sessie was wat meer dikwels gehou kan word.

**Pretoria Botaniesetuin, 4 Augustus 2018 (BLNG-klubring)**

Op 4 Augustus was dit nog steeds koud, maar Paula en Martin Steyn, Gert en Kotie Opperman, Madeleen van Loggerenberg, Jan Beukes, Hein Bantjes en Christo Siebert het nogtans gaan nette opsit. Hulle het 177 voëls gevang, waarvan 144 nuwe ringe gekry het en 33 reeds gering was – dit het 33 verskillende spesies verteenwoordig. Die hervangspersentasie was 18%. Mooi spesies was: Draaihals [Red-throated Wryneck], Rooivlerktjagra [Brown-crowned Tchagra], Bergkanarie [Black-throated Canary], Bandkeelvink [Cut-throat Finch] en Kleinheuningwyser [Lesser Honeyguide].

**Roofvoëltoer na Limpopo Provinsie, 9-12 Augustus 2018**

Op 9 Augustus 2018 om 05:00 het Paula en Martin Steyn, Hein Bantjes, Johan en Nicole de Jager, Keanu Canto, en Frik, Chris en Julian du Plooy by die Petroport op die N1 ontmoet vir ons jaarlikse Limpopo Roofvoëltoer. By Pietersburg het die drie voertuie verskillende roetes geneem om die aand by Stonebridge 10 km voor Musina bymekaar te kom om te oornag. Vrydagoggend het ons verskillende roetes gery, rigting Alldays, om die volgende twee aande by Makopas Nest te oornag. Dit is 40 km wes van Alldays en ons het verskeie grondpaaie gery opsoek na roofvoëls. Die totaal roofvoëls aan die einde van die vier dae was: 12 Bleeksingvalke [Southern Pale Chanting Goshawk], 7 Donkersingvalke [Dark Chanting Goshawk], 'n Akkedisvalk [Lizard Buzzard], 'n Grootjagarend [African Hawk Eagle] en 2 Swartborsslangarende [Black-chested Snake Eagle]. Johan de Jager het gekwalifiseer om roofvoëls met 'n bal-chatri te vang en te ring.

# There's a reason why Africa's migratory songbirds sing out of season

Marjorie Sorensen, Humboldt Postdoctoral Fellow, Goethe University Frankfurt am Main
Claire Spottiswoode, BBSRC David Phillips Research Fellow and Hans Gadow Lecturer, University of Cambridge

***Disclosure statement***
*Marjorie Sorensen receives funding from the Gates Cambridge Trust and the Natural Sciences and Engineering Research Council of Canada.*
*Claire Spottiswoode receives funding from the Biotechnology and Biological Sciences Research Council, The Royal Society, and the DST-NRF Centre of Excellence at the Percy FitzPatrick Institute, University of Cape Town.*

*Originally published on 9 May 2016 in*
THE CONVERSATION
*Re-published under CC BY-ND.*

Bird song has fascinated scientists for decades. Songs can be intricate, loud and, as it turns out, very important for reproductive success. In many species the males with the most complex songs secure the highest quality breeding territories and mates, and end up producing the most young. For species that spend their summers in Europe, almost every hour of daylight is crammed full with energetic and often very loud song.

For songbirds that have migrated to Africa at the end of the breeding season, singing shouldn't be on their to-do list. Singing requires a big energetic investment and increases vulnerability to predators. The only time males should be willing to pay these costs is when there is a good chance of attracting females as mates, and that is not going to happen in Africa outside of the breeding season.

Despite this, several species of migratory songbirds, from Wood Warblers to Nightingales, are known to sing a great deal in Africa. This prompted us to ask: what is the purpose of singing in Africa, when the breeding grounds are thousands of kilometres away? To answer this question, we focused on a drab-looking but raucous singer, the Great Reed Warbler. This species breeds in Europe and spends the northern winter in the wet grasslands and savannahs of sub-Saharan Africa.

**Testing a long-held hypothesis**

We began by testing a long-held hypothesis for the persistence of singing in Africa. Perhaps singing is being used as a means to defend individual winter-feeding territories. It might be acting as a "keep out" sign to other individuals encroaching on the territory holder's space.

In territorial systems, distinct boundaries are expected between the spaces used by each individual in combination with an aggressive reaction when that territorial boundary is breached. We used radio transmitters to track bird movements through the tall grasses of the study site in Zambia, and used models of Great Reed Warblers with recorded song to simulate territory intrusions. We found no support for the expectations of territoriality. Great Reed Warblers overlapped widely in their use of space, and individuals were unperturbed by other birds in their space.

Given that Great Reed Warblers did not have a territorial system, this long-held hypothesis of singing for territorial protection didn't hold up.

**Singing for song improvement**

Next, we tackled an intriguing but yet untested hypothesis. Perhaps, given the importance of



Jason Boyce

*Radio transmitters were used to track bird movements*

song quality for males during breeding, they were using their downtime in Africa to improve the quality of their songs.

To find out, we combed through the literature and spoke to other researchers in Africa to determine which of the 57 migratory songbird species that migrate from Europe sing while in Africa and, importantly, how much. If this hypothesis is true, the benefits of singing in Africa should be most important for species in which song is especially valued when choosing a mate. Those should be species with the most complex songs, but conversely with the dullest appearance. So, when males are drab, females are expected to pay more attention to flashy song rather than flashy plumage.

Sure enough, we found that species with more complex songs, and those with drab plumage colouration, sing most often when in Africa. We argue that the costs associated with practice are probably well worth the investment for those species that stand to benefit most from producing the highest-quality songs.

A final piece of evidence comes from the Great Reed Warblers themselves. If songs function to defend territories, then they should sing the short territorial warnings they use to defend their breeding territories. But instead, recordings from Zambia showed that African songs are much more like those sung during mate attraction on the breeding grounds, when attracting a female is paramount. But there are a couple of important differences.

In Africa, songs are much longer and with many more switches between syllables than those sung in Europe. Given that songs in Africa are sung without a female receiver in mind, this may be the best way to practice. In Europe, when songs are mixed amongst the racket from competing males, repeating complex syllables up to five times is important to ensure that they are received loud and clear by females.

With the evidence tallied, both from Great Reed Warblers and across the dozens of songbird species that migrate between Africa and Europe, this puzzling non-breeding singing behaviour appears best explained as a rehearsal period before the big show the following spring.


To conclusively test this hypothesis, researchers would need to follow individual birds between their breeding and non-breeding grounds and monitor changes to their song and their breeding success. But this is close to impossible given the current tracking devices available. For now, this study points towards an intriguing new explanation for this previously unstudied behaviour. It also offers insight into the lives of migratory songbirds during the lengthy, but little-known part of their lives spent in Africa.

# Finfoot photoshoot


Tamsyn Sherwill


While stopped on the Sabie high-level bridge in Kruger in late August this year, I was fortunate to witness a brief but suspense-filled African Finfoot [Watertrapper] mini-drama.





**Act I:** *Mother and chick (finfling?) spotted swimming close to the bridge; they swim out of sight and only the mother reappears – she swims towards a mid-stream island, dives into the overhanging vegetation and hauls out a large dragonfly, turns and swims back into open water.*






**Act II:** *The mother is swimming back and forth, first all the way cross-stream, then upstream and downstream, turning her head from side to side – we realise she has lost the chick and also start looking for it.*


> *A study of bird life will help to increase one's powers of observation and sense of proportion, and will give to whoever takes it up an ever-growing appreciation that it is perhaps not such a bad world after all if we only make up our minds to go out and look for what is good in it and enjoy it – and we should not have to look far in South Africa.*
>
> John Voelcker, 1941







**Act III:** *After about two minutes of frantic searching, both the mother and us spot the chick on a rock mid-stream (only a few metres from where the dragonfly was caught and the search for the chick first began). She swims towards it and it clambers down to meet her – she feeds it and they do a tandem swim cross-stream and out of sight.*



# Namibië: April/Mei 2018

Mariana Steyn

Na baie maande se beplanning en met groot opgewondenheid vertrek ons op 20 April 2018 met twee stampvol gepakte Prado's op ons langverwagte toer na Namibië om ons buurland se pragtige voëls en natuur te ervaar. Die groep bestaan uit myself (Mariana), my man Rudolph, en suster en swaer, Gerda en Danie Welman. Ons het besluit om sonder enige sleepwa of selfs daktent te reis, en dit het fyn beplanning geverg om al ons kampeertoerusting, kosvoorrade, klere, kameratoerusting en als en nog wat in te pas!

**Kgalagadi**

Ons skop vir 2 nagte af by Mata-Mata in die Kgalagadipark. Die park is welig en groen na goeie reën, die diere spekvet. Ons geniet die pragtige kalahariduine en -veld en sien baie mooi voëls, onder andere Bleeksingvalke [Pale Chanting Goshawk], Edelvalke [Lanner Falcon], Dwergvalkies [Pygmy Falcon], Gompoue [Kori Bustard] en Sekretarisvoëls [Secretary Bird]. Die Kgalagadi lewer ook weer sy kwota Kelkiewyne en Gevlekte Sandpatryse op [Namaqua Sandgrouse; Burchell's Sandgrouse], en natuurlik Baardmannetjies [Scaly-feathered Finch]. Die Muiskleurwindswaels [Bradfield's Swift] is vir almal 'n 'lifer' en ek sien uiteindelik ook die Grysruglewerik [Grey-backed Sparrow-Lark].

**Weissenfels en Gamsberge**

Effens teësinnig verlaat ons die pragtige Kgalagadi en gaan maklik deur die grenspos by Mata-Mata. Die roete tot by Mariental al langs die Auobrivierbedding verras ons met reuse kameeldoringbome, groen gras, plate geel duwweltjies en 'n uitgegroeide vaalboskat wat oor die pad hardloop. Sommer gou sien ons 'n Dubbelbanddrawwertjie [Double-banded Courser] wat in die pad kos soek en talle roofvoëls soos 'n Kleinsingvalk [Gabar Goshawk], Rooiborsjakkalsvoël [Jackal Buzzard], Witrugaasvoëls [White-backed Vulture] en Kransvalke [Rock Kestrel]. By ruwe sandsteenkranse sien ons 'n Witkruisarend [Verreaux's Eagle] wat op 'n nes reg langs die pad gaan sit. Ons kampeer die aand op Weissenfels gaste-plaas, net oos van die Gamsberg, teen 'n afgesonderde ruwe klipkoppie waar die helder sterrehemel 'n ongelooflike belewenis is. Die volgende oggend sien ons voëls soos 'n Afrikaanse Koekoek [African Cuckoo], Bergwagters [Mountain Wheatear], Korttoonkliplyster [Short-toed Rock Thrush], Koningblousysies [Violet-eared Waxbill] en Grootmossie [Great Sparrow]. Danie en Gerda lok 'n Gebande Sanger [Barred Wren-Warbler] nader, 'n 'lifer' vir hulle.

Die pragtige ongerepte Gamsbergpas is 'n hoogtepunt met rye en rye blou berge wat tot teen die horison plooi en 'n stil pad wat met elke kronkeling 'n nuwe poskaartmooi prentjie laat ontvou. Langs die pad sien ons 'n volwasse rooikat asook klipspringers, dassies en koedoes.

**Walvisbaai**

Ons arriveer laatmidddag in 'n koue, winderige Walvisbaai waar ons vir 3 nagte in Lagoon Chalets and Campsite se netjiese huisies slaap.



R Steyn

*Duinlewerik/Dune Lark*


R Steyn

*Swartsterretjie/Black Tern*

Sommer die eerste laatmiddag gaan soek ons waadvoëls by die strandmeer en word beloon met groot hoeveelhede Klein- en Grootflaminke [Lesser and Greater Flamingoes] wat die hele baai in pienk verkleur.

Ons navorsing het getoon dat ons die Rooibank omgewing, suid-oos van Walvisbaai, moet besoek. Ons teikenvoël: die Duinlewerik [Dune Lark]. Ons parkeer naby die duin en begin stap. Nadat ons ongeveer 'n uur op en af teen die duin geklouter het, word ons moeite beloon; ons sien 3 Duinlewerikke teen die hang van die duin! Rudolph en Danie kan mooi foto's neem en ek en Gerda is verheug oor ons 'lifer'. Ons sien in hierdie omgewing ook die Priritbosbontrokkie [Pririt Batis], Woestynspekvreter [Tractrac Chat] en Swaelstertbyvreters [Swallow-tailed Bee-eaters], asook hier sowel as verder noord heelwat westelike (subsp. subcoronatus) Fiskaallaksmanne met die wit wenkbrou [Common Fiscal]. Die Namiblewerik [Gray's Lark] bly ons egter ontwyk.

Walvis se soutwerke is volgende aan die beurt. Wat 'n fees van voëls! Ons voel oorweldig deur al die waadvoëls, kormorante, sterretjies, meeue en flaminke wat ons sien. Ons kan darem 'n paar 'lifers' byvoeg: Rooibandstrandkiewiet [Chestnut-banded Plover] Swartsterretjie [Black Tern] en die Damarasterretjie [Damara Tern]. Daardie aand gaan vier ons al die suksesse en hoogtepunte van die kus-omgewing in die Anchors @ the Jetty restaurant in die hawe van Walvisbaai, 'n warm, gesellige plek met heerlike kos.

**Spitzkoppe**

Dis nog pikdonker toe ons die volgende oggend vertrek na die Spitzkoppe. Die manne is begeesterd en neem pragtige foto's van die landskap en berge in die pienk oggendlig. Ek en Gerda soek sonder sukses na die Hererospekvreter [Herero Chat] en Woestynlewerik [Stark's Lark], hoewel ons die Hererospekvreter die hele tyd hoor roep. Wat 'n frustrasie! Ons kry darem die Karoospekvreter [Karoo Chat], Witborsjakkalsvoël [Augur Buzzard], en sommer heelwat Rooiwangparkiete [Rosy-faced Lovebird]. Ons sien ook 'n Woestynkorhaan-egpaar [Rüppell's Korhaan] wat knus teen mekaar sit in die oggendkoue. Ons sluit ons besoek aan die Spitzkoppe af met 'n heerlike *brunch* in die skadu van 'n groot rots.

**Erongoberge**

Die pad is erg klipperig na die Erongoberge waar ons kamp by Erongo Plateau Camp, 'n baie netjiese kampterrein met 'n pragtige uitsig oor die vallei en berge. Ons is in die wolke toe die Hererospekvreter [Herero Chat] daar sy opwagting maak! En net om vir ons 'n punt te wys, is hy kort-kort in ons kamp, luidkeels aan die sing en gereed om te poseer vir foto's. Heerlik! Ons sien ook Bruinwewers [Chestnut Weavers], maar hoor nie eens ons ander teikenspesies roep nie, die Rotsvoël [Rockrunner] en Klipfisant [Hartlaub's Spurfowl].

Die volgende oggend besoek ons die nabygeleë Erongo Wilderness Lodge. Hierdie lieflike plek word bestuur deur die baie vriendelike

Douw Steyn, wat ons hartlik ontvang en raadgee om die Klipfisant en Rotsvoël te vind, maar die dag is reeds warm en hulle skuil waarskynlik iewers in die skadu. Ons sien darem die Monteirose Neushringvoël [Monteiro's Hornbill], en weer Rooiwangparkiete en Bruinwewers. Ons eet 'n heerlike middagete hier in die restaurant met sy pragtige uitsig oor die veld.

**Epupa**

Vanaf Erongo ry ons tot by Kamanjab, waar ons oorslaap by die netjiese Oppi Koppi ruskamp. Van daar af gaan ons roete deur Opuwo na Epupa. Ons verkyk ons aan die pragtige natuurtonele langs die pad; Rudolph en Danie hou kort-kort stil om foto's te neem van prentjiemooi tonele van spierwit paaie, blou berge, groen veld en bome. Die goeie reën van die afgelope tyd het voorwaar alles skoongewas en laat blom.

Epupa Falls Lodge and Campsite, die eiendom van die legendariese Koos Verwey, toon die tekens van die groot reën uit Angola, wat die Kunenerivier laat opstoot het en die kampterrein onder water gehad het. Ons slaan tent op reg langs die vol rivier, net voor dit oor die kranse stort. Hierdie afgeleë kampterrein het sowaar 'n helderblou swem-bad, sonpanele en wi-fi op die dek van die hoofgebou! Ons kry die besonder skaars en gelokaliseerde Rooistertmôrelyster [Rufous-tailed Palm Thrush], wat ons elke dag vermaak met sy melodieuse deuntjie. Ons sien ook die Damararooibekneushoringvoël [Damara Hornbill], Bloupenspapegaai [Rüppell's Parrot], en Kaalwangkatlagter [Bare-cheeked Babbler], saam met talle ander mooi voëls in hierdie omgewing. Langstertglansspreeus [Meves's Starling] is volop.

Die Epupavalle sorg vir 'n skouspel van wit-bruisende water wat na benede stort, en die Kunenerivier tesame met die rotsagtige omgewing met sy kremetart-, rotsvy- en ander bome is skilderagtig mooi. Ons 2 dae by Epupa is beslis een van die hoogtepunte van ons toer.


D Welman

*Witborsjakkalsvoël/Augur Buzzard*


R Steyn

*Rooiwangparkiet/Rosy-faced Lovebird*


D Welman

*Rooistertmôrelyster/Rufous-tailed Palm Thrush*


D Welman

*Kaalwangkatlagter/Bare-cheeked Babbler*


R Steyn

*Rooinekvalk/Red-necked Falcon*

**Kunene River Lodge**

Die Swartbooisdrifpad is onbegaanbaar, vertel die mense ons. Ons ry dus met die ompad weer terug oor Opuwo en geniet weereens die mooi natuurtonele. Langs die pad hoor ons die geluid van kakelaars en stop dadelik. En sowaar; dis Perskakelaars [Violet Wood-hoopoe]; 'n 'lifer' vir ons almal. Aangekom by Kunene River Lodge, vind ons die eienaar, Pete Morgan, in 'n 'flat spin'. Die plek is met groot haas en moeite herstel nadat dit ook onder water was a.g.v. die vloede. Hy kry darem vir ons 'n droë staanplek en ons slaan tent op vir 2 nagte. Hier kry ons tot ons vreugde die Olyfbyvreter [Olive Bee-eater] en ook ander spesies soos die Afrikaanse Wielewaal [African Golden Oriole], Rooikeelfisant in sy ligter vorm ('race: afer') [Red-necked Spurfowl] en Geelborswillies [Yellow-bellied Greenbul].

Kaalwangkatlagters is sommer mak hier en spring in die kampterrein rond. Ons besef die Angolajanfrederik [Angola Cave-chat] sal moet wag tot 'n volgende keer maar besluit om wel die Angolasysie [Cinderella Waxbill] te gaan soek. Pete teken vir ons 'n kaart en ons durf die avontuur die volgende oggend aan. Ons moet deur vlak rivierbeddings, oor klippe, deur sagte modder wat ons skoene vassuig, en die ergste van alles, teen 'n baie steil, loodregte krans opklouter. Gerda kry 'n angsaanval toe ek vries en nie verder kan opklim nie, maar 'n paar skietgebede verder kry ek dit reg. Uiteindelik is ons in posisie op 'n plat rots, waar ons vir meer as 'n uur tjoepstil sit en wag… tevergeefs! Ons moet maar die aftog blaas en afgehaal terugkeer kamp toe. Daardie aand se bootvaart op die pragtige Kunenerivier in die geselskap van die inspirerende Pete is 'n heerlike belewenis. Ons sluit ons tyd by Kunene River Lodge af met 'n smaaklike aandete op hulle dek terwyl ons die manjifieke rivier in goudgeel sonsonder-kleure bewonder.

**Etosha**

Ons vertrek vroegoggend ooswaarts met 'n sleg verspoelde pad en beleef 'n skouspelagtige sonsopkoms oor die rivier. Die Ruacanawaterval is steeds in vloed en die kolkende watermassa is 'n asemrowende gesig. Nadat ons voorrade aangevul het by die vulstasiewinkel (Ruacana se amptelike supermark!) ry ons suid en gaan Etosha deur Galtonhek binne. Ons slaan tent op by Olifantsruskamp met sy moderne wildskuiling. Gemsbokke, springbokke, rooihartbeeste, zebras en swartneusrooibokke word gereeld gesien.

Ons kampeer die tweede dag by Okaukuejo op 'n klipperige staanplek in vol son van meer as 30°C, 'n laagtepunt van ons toer. 'n Middagrit

lewer 'n hele paar Dubbelbanddrawwertjies [Double-banded Courser], Trekdrawwertjie [Temminck's Courser] en Pienkbeklewerik [Pink-billed Lark] op asook vier leeuwyfies en 'n maanhaar by hulle vangs. Nader aan Okaukuejo wei honderde springbokke tussen die geel blommetjies. Die aand kom drie swartrenosters water drink by die verligte watergat. Die volgende dag sien ons twee witrenosters en 'n mooi onvolwasse Gebande Sperwer [Shikra] en by 'n watergat Rooibandstrandkiewiete [Chestnut-banded Plover] met hulle kuikentjies, drie piepklein wattebolletjies!

By 'n eensame doringboom naby Sueda stop ek en Rudolph om na 'n Bleeksingvalk [Pale Chanting Goshawk] te kyk. Danie en Gerda sien 'n Kleinsingvalk [Gabar Goshawk] aan die ander kant van dieselfde boom. Tot ons verbasing vlieg 'n Rooinekvalkie [Red-necked Falcon] eensklaps uit dieselfde boom, verjaag die Bleeksingvalk en gaan sit op 'n oop tak waar ons hom na hartelus kan bewonder, 'n 'lifer' vir ons almal. Ons eet *brunch* by Halali, 'n mooi goedversorgde kampie met groot bome en ons is opgewonde om weer Perskakelaars daar te siene te kry.

By Namutoni kan ons tent opslaan op gras onder die skadu van 'n groot lekkerruikpeul. In sy takke wip Bruinkeelbossangers [Burnt-necked Eremomela] rond. Fischerpan het water en verras ons met Witpelikane [Great White Pelican], Grootflaminke, Kleinflaminke, Bloukraanvoëls [Blue Crane], Rooipoot- [Black-winged Stilt] en Bontelsies [Pied Avocet], Lepelaars [African Spoonbill] en talle ander watervoëls. Op pad kamp toe sien ons 'n swartrenoster in die veld, 'n rare waarneming van hierdie sku spesie. Ons sluit ons Etosha-besoek hiermee op 'n hoogtepunt af.

**Caprivi Houseboat Safaris**

Na 'n lang rit van amper 1 000 km vanaf Namutoni kom ons aan in Katima Mulilo. Groot is ons ontnugtering toe ons uitvind Caprivi Houseboat Safari Lodge is afgesny van die land en ons kan dit nie bereik nie! Gelukkig kan ons by die Proteahotel, reg langs die Zambezirivier kampeer. Rachelle, die bestuurder van Caprivi Houseboat Safaris, is baie vriendelik en kom haal ons die volgende oggend met 'n bootjie om by die *lodge* se tuine ons teikenvoëls te gaan soek. Ons moet hard werk maar word uiteindelik tot ons groot vreugde beloon: ons sien die Geelkeelwillie [Yellow-throated Leaflove] wat so tussen die blare rondspeel. Intussen het Rudolph die Langkuifloerie [Schalow's Turaco] gesien, maar tot ons ander se frustrasie sien nie een van ons hom ooit nie. Ek sien gelukkig ook 'n Bruinvuurvinkie [Brown Firefinch] en die Gestreepte Vleiloerie [White-browed Coucal]. In die dorp gaan tiek ons die Witkeelmossie [Northern Grey-headed Sparrow], die vaalste 'lifer' van ons trippie! Ons doen die tweede riviervaart van ons toer, op die pragtige Zambezirivier, wat kant tot wal vol is.


D Welman

*Witkruiskatlagter/Hartlaub's Babbler*

**Ngepi**

Ons roete neem ons vir oulaas wes deur die Caprivi en oor die Okavangorivier tot by Ngepi-kamp, 'n plek vol humor. Die opelug-bosstorte, -toilette en -wasbakke het name soos DeVine Loo ('n toilet op 'n platform omring deur rankplante) en Lav-a-tree (langs 'n groot boom). Ons maak kamp op groen gras reg langs die vol Okavangorivier en merk dadelik die vrypostige Witkruiskatlagters [Hartlaub's Babbler] op wat oral rondhop. Agter ons is 'n groot seisoenale


D Welman

*Witvlerkkiewiet/Long-toed Lapwing*

vlei met Witvlerkkiewiete [Long-toed Lapwing] en ander watervoëls. Groot- en Gestreepte Vleiloeries [Coppery-tailed and White-browed Coucal] beweeg rond in die lang gras, Moeraswaterfiskale [Swamp Boubou] sing in die groot bome en talle watervoëls vlieg laag oor die rivier verby. Die volgende oggend gaan Danie en Gerda na die voëlryke Mahango wildreservaat. Hulle sien 'n groot verskeidenheid voëls waaronder Lelkraanvoëls [Wattled Crane], Bradfieldse Neushoringvoëls [Bradfield's Hornbill], Bosveldpapegaaie [Meyer's Parrot] en Gryskopvisvangers [Grey-headed Kingfisher]. 'n Blouaap jaag 'n Natalse Naguil [Swamp Nightjar] op uit lang gras langs 'n vlei, en Witborskatakoeroes [White-breasted Cuckooshrike] soek kos in die hoë mopanie-bome. Bastergemsbokke met hulle potsierlike lang ore, swartwitpense met enorme horings en 'n Witwanguiltjie [Southern White-faced Owl] is ander hoogtepunte van hul rit.

Ons sluit die dag af met 'n sonsondergang bootvaart op die Okavangorivier, ons derde riviervaart.

Vroeg die volgende oggend ontmoet ons vir Christoph Tuuyundere (+267 81 765 5851), ons enigste gids vir die toer, en ons is baie opgewonde toe hy vir ons Swartwangkatlagters [Black-faced Babblers] in die omgewing wys. Ons sien ook Gryskruisswaels [Grey-rumped Swallow], Dwerglangtone [Lesser Jacana], Dwergrietreiers [Dwarf Bittern], Dwerggansies [African Pygmy Goose] en Luapulatinktinkies [Luapula Cisticola]. In Ngepikamp wys hy vir ons die slaapplek van twee Witrugnagreiers [White-backed Night Heron]. Hy is stralend bly toe ons vir hom 'n kopie van Faansie Peacock se LBJ's gee. Ons kan Christoph met vrymoedigheid aanbeveel as 'n kundige gekwalifiseerde voëlgids met 'n goeie kennis van die omgewing.

Die Popavalle is heeltemal oorstroom deur vloedwater en die Withalssprinkaanvoëls [Rock Pratincole] is weg na vlakker gebiede maar ons voeg nog ander spesies by ons lysie, soos Rooibruinrietsanger [Greater Swamp Warbler], Moskeeswael [Mosque Swallow] en Goudwewer [African Golden Weaver].

Alle goeie dinge kom egter tot 'n einde en ons moet ons tentpenne vir oulaas uittrek en die lang pad huis toe via Botswana aanpak. Na 3 weke en 7 500 km kom ons op 11 Mei tuis. Ons het 17 van die 21 nagte sonder klagte gekampeer en nie 'n enkele pap wiel of enige meganiese teëspoed gehad nie. Ons toer was voorwaar geseënd!

Ek en Rudolph het altesaam 240 spesies in Namibië gesien waarvan 27 'lifers' was, en Danie en Gerda 294 spesies met 20 'lifers'. Ons het wel 'n hele klompie teiken-spesies misgeloop… ons sal verseker weer wil terugkom na hierdie besondere land met sy unieke voëls en natuurskoon.

## 10 grams and 13 000 kilometres

A paper recently published in the journal *Movement Ecology*, gives the Willow Warbler [Hofsanger] the record for the world's longest terrestrial migration, based on 'geolocator' data recorded from three male birds, which logged a distance of over 13 000 km in migrating from their breeding sites in far eastern Russia to southeast Africa (Tanzania and Mozambique). Had more birds been tracked the distance would have been greater, as Willow Warblers from Russia also visit South Africa.

# Lesser Jacana surprise in the Okavango

Lizet Grobbelaar


Lizet Grobbelaar

*Aerial view of the panhandle – Okavango River*

My family and I visited the Okavango Delta in April this year. Besides birding we also wanted to show our girls the Okavango River and the Sitatunga antelope, which they haven't seen yet.

We decided to stay at Drotsky Camp in Botswana which is located to the far north west, close to the Namibian border. Drotsky Camp is 10 km south of Shakawe town, in the panhandle of the Okavango Delta, and a 4 hour drive from Maun. The panhandle is the main stretch of river with deep and fast flowing water, before it fans out to form the delta about 70 km further south. On the aerial photograph the main channel is clearly visible, the deep waters appear almost black, with a floodplain fanning out to the east.

We've stayed at Drotsky's before; the birding was fantastic and it was also here where Johann and I saw our very first (and last) Sitatunga in 1998, so a good place to return to for our quest! Drotsky's is an affordable lodge with log cabins on stilts, overlooking a beautiful garden right on the banks of the Okavango. If you choose to stay in the cabins, all meals are provided at the restaurant, and a cash bar is available for drinks. The cabins are spacious with 2 beds and an en-suite bathroom with a shower. Each room is equipped with air-con, coffee/tea corner and a refrigerator. The unit has a patio overlooking the green lawn and the river is only a stone]s throw away. The lodge has a pool for cooling off and a jetty from where the boat trips are launched. A few exciting species we recorded from our patio were Bearded Woodpecker, Meves's Starling, African Yellow White-eye, Little Sparrowhawk and Hartlaub's


Nadia Grobbelaar

*Panoramic view of Drotsky's Lodge garden and the river*


Lizet Grobbelaar

*Log cabin*


Lizet Grobbelaar

*Camping site*

Babbler [Baardspeg, Langstertglansspreeu, Geelglasogie, Kleinsperwer, Witkruiskatlagter].

Drotsky's campsite is a kilometre or two downstream from the lodge and located under big riverine trees. We recorded magnificent Jackalberry, Sausage, Leadwood And Camelthorn trees as we walked along the sandy track to the camping area. The camping area has its own lounge overlooking the river, where you can relax with a nice cold beverage from the bar. A few campsites are right on the water's edge, and all are very spacious and equipped with power.

I would say the main habitat to explore for birds at Drotsky's is the river, although they also have walking trails on the grounds to explore for other species. The best way to get around is by boat. We took morning and evening trips by motorboat with our guide and pilot Otto. We were pleasantly surprised when we realised that Otto was actually a very keen birder himself, and knew where to look for all the Okavango specials! During our stay Otto managed to show us a White-backed Night Heron [Witrugnagreier] and Pel's Fishing Owl [Visuil] during the daytime! We also recorded a Bat Hawk [Vlermuisvalk] early one morning flying next to the boat, a species Otto hadn't seen for more than 2 years, and the Western Banded Snake Eagle [Enkelbandslangarend] which is a true special for this area. The river was teeming with all the usual waterbirds, including 5 different kingfisher species,


Johann Grobbelaar

*Grobbelaar family (L to R): Johann, Lisa, Nadia & Lizet, with our guide Otto at the back*


Lizet Grobbelaar

*Male Sitatunga*

darters and cormorants, herons and egrets and other waterfowl, as well as a breeding colony of White-fronted Bee-eaters and Brown-throated Martins [Rooikeelbyvreter, Afrikaanse Oewerswael]. Raptors recorded from the boat were African Fish Eagle, African Harrier-Hawk, African Marsh Harrier, Black-shouldered Kite, Long-crested Eagle and African Goshawk [Visarend, Kaalwangvalk, Afrikaanse Vleivalk, Blouvalk, Langkuifarend, Afrikaanse Sperwer]. The call of the Swamp Boubou and Greater Swamp Warblers [Moeras-waterfiskaal, Rooibruinrietsanger] was all too familiar, and a visit to the Okavango


Nadia Grobbelaar

*Panoramic view of Lesser Jacana habitat*



Lizet Grobbelaar

*Lesser Jacana in flight*

has to include the Coppery-tailed Coucal [Grootvleiloerie]! Nocturnal birds we recorded from our cabin included African Barred Owlet, Barn Owl, African Wood Owl and Fiery-necked Nightjar [Gebande Uil, Nonnetjie-uil, Bosuil, Afrikaanse Naguil].

Otto also managed to show us, by the end of 3 days, more than one Sitatunga! The best sighting was a male feeding in a back channel, very peacefully, so we had a chance to take a few quick photographs. The Sitatunga is related to our own well-known kudu and bushbuck and has splayed hoofs, an adaptation to the soft muddy habitat they frequent. It is a very shy animal, which likes to feed on young papyrus and reed shoots. They can disappear within seconds when disturbed, splashing away into the water behind the tall reeds. They mostly hide in between the long reeds and papyrus but can also dive under the water so that only their nostrils are sticking out. The best time to look for them is early morning, just after sunrise.


Lizet Grobbelaar

*Lesser Jacana walking on floating leaves*


Lizet Grobbelaar

*Lesser Jacana foraging for insects (above and below)*


Lizet Grobbelaar

*Lesser Jacana at the nest with 2 eggs*


Lizet Grobbelaar

We decided to push our luck and ask Otto if he perhaps knows of a spot where we could search for Lesser Jacana [Dwerglangtoon], which is also a swamp special, and a resident of this area but somewhat uncommon and difficult to see. We left early, before sunrise. An hour's ride with the motorboat upstream from the camp, Otto took us to a open backwater area, away from the main channel. There were thousands of water lilies and aquatic grasses, the best habitat to find Lesser Jacana! Here the water was only a metre deep and so clear that you could see the bottom! We slowly crept along the side channel towards the open water admiring the beautiful lilies in their white, pink and lilac shades. The girls were ecstatic, as they could reach into the water to touch the flowers and also look for tiny frogs on the floating leaves.

Of the 8 jacana species recorded worldwide, the Lesser Jacana is the smallest. Soon enough we flushed our very first Lesser Jacana! It's easy to forget how tiny they are! The white trailing edges are clearly visible in flight, and this is also the best distinguishing feature to use when comparing this species to the African Jacana which is also found in our region. They also differ from this and all other jacanas in the world by being monogamous, so both the male and female build the nest, incubate the eggs and feed the young – whereas only the males of other jacana species are involved in all the above-mentioned domestic tasks of raising a family! But if you get to know them well you won't make the mistake of confusing the two local jacana species (adults or juveniles), as they are very different in appearance and size.

Most birders are familiar with the term 'lily trotters' as jacanas are able to walk on floating vegetation because of their elongated toes and claws that spread their weight over a significant area. We asked Otto not to drift

too close as we wanted to habituate the birds to the boat so that we could see them going about their business without being harassed. This way we could spend a long time watching the birds forage for insects as they trotted along the lily leaves. They seemed almost weightless – 'walking on water', scanning the aquatic vegetation for anything that moves, sometimes dashing forward with open wings to grab an unlucky insect. After a while they will fly up to a different stand of vegetation… starting the process all over again... for us time was flying by too quickly!

We decided to return to the jacana site the next day as the overcast light has not been optimal for photography on the first day. Great was our surprise when this time we actually found an adult on a nest with two eggs! We drifted closer very silently to take a few shots but retreated quickly so as not to disturb the adult while incubating.

The nest is a small floating raft of greenery, mostly made of green stems with two brown camouflaged eggs lying on top, just a few millimetres above the water. Clutch sizes are normally 2 to 3 and rarely 4 eggs. Both parents will guard and maintain the nest, and hopefully within 21 days there will be a new brood of chicks to feed!

Our stay and experience at Drotsky's was one to remember and to recommend to others. A big thank you to Piet the manager who helped with the booking, and to Otto for taking us around on the boat.

**Sources and further reading:**


- Handbook of the Birds of the World – Volume 3
- *Roberts VII Birds of Southern Africa*
- Siyabona Africa – Kruger Park & Siyabona Africa – Botswana
- www.drotskys.com


# Mosambiek voëlkyktoer Nov/Des 2017 – wat 'n ervaring!

Pieter en Joëlna Heslinga

As ek terugdink aan ons Mosambiek-voëlkyktoer saam met Rob Geddes en ons ander metgeselle wil ek sommer by die hoogtepunte begin, maar dit sou afbreuk doen aan die toer, wat as geheel fantasties was. Miskien moet ek tog eers die name van ons groep van sewe gee. Ons begin by Rob Geddes, ons spankaptein, en dan, in geen spesifieke volgorde nie, Toni Geddes, Rob se dogter, en niemand anders as John Kinghorn van Untamed Birding nie, dan Karin Coetzer (wat Rob oortuig het dat ons sal inpas....), ook Annemarie Dressler en dan Joëlna en ek die uwe. Ons ry in twee motors – Rob voor met sy Fortuner en ek met my Land Cruiser wat volg. Ons het ook tweerigtingradios by ons gehad



Pieter Heslinga

*Ons toergroep*


Pieter Heslinga

*Knopsterttroupant/Racket-tailed Roller*


Pieter Heslinga

*Dikbekfret/Magpie Mannikin*

sodat ons deurentyd met mekaar kon kommunikeer. Rob het 'n hele paar keer gewaarsku dat 'n 15-dag toer van hierdie aard kan lank word tussen mense wat nie aldag onder dieselfde dak slaap nie. Tog het dit enduit fantasties afgeloop en niemand het ooit vir mekaar gegrom nie. Die goue reël was egter dat almal betyds en stiptelik is as dit by reëlings kom.

Maar laat ek voor begin. Ons vertrek Maandagmiddag 27 November 2017 om twee uur saam vanaf die Excel Haven op die N4 oppad Bronkhorstspruit toe. Ons ry goed en koop Moz Meticas by die laaste garage op Komatipoort voor ons deur die grenspos sou gaan. By die grens het alles vlot verloop en ons is by albei poste vinnig deur. Ons kom donker by Casa do Campo aan, maar daar is tyd vir 'n lekker Portugese hoender en DosM bier voor ons gaan slaap.

**28 November:** Ons vertrek baie vroeg en sou die aand by Zona Braza Beach Lodge, Xai Xai, slaap. Ons vorder goed en is vroegmiddag al daar. 'n Pragtige *lodge* met 'n wonderlike uitsig oor die see. Annemarie is dadelik see toe. Ons ander rus 'n bietjie en gaan daarna as 'n groep stap. Ons sien gou-gou die mooiste paartjie Beloogbosbontrokkies [Black-throated Wattle-eye] en by 'n meer tel John 'n Dwerglangtoon [Lesser Jacana] met sy teleskoop op. Die aand smul Toni en John aan die heerlikste kreef, die ander van ons is terug op Portugese hoender (ons sou later genoeg daarvan gehad het…)

**29 November:** Ons is opgewonde want dit is ons eerste dag van ernstige 'birding' – ons vertrek na Inhassoro, via Panda. Sjoe, en was daar nie baie 'specials' nie? By Panda aangekom is ons eerste fokus die Olyfkopwewer [Olive-headed Weaver] maar hierdie outjie sou ons entuit ontglip. Ons sien egter 'n paartjie Knopsterttroupante [Racket-tailed Roller] wat vir ons die mooiste vertoning lewer. Ons sien ook Witborskatakoeroes [White-breasted Cuckooshrike] wat kos aandra na kleintjies in 'n nes en 'n Mashonahyliota [Southern Hyliota],'n Dunbekheuningvoël [Green-backed Honeybird] en 'n Kortvlerktinktinkie [Short-winged Cisticola). Tussen die groot aantal kremetartbome sien ons beide spesies Stekelsterte (Gevlekte en Witpens) [Mottled en Böhm's Spinetails]. Maar die dag lê nog voor en ons ry Billfish Lodge, Inhassoro, toe. Wat 'n wonderlike plek en gasvrye Afrikaanssprekende eienaars, Carmen en haar man. Met ons afpak kry ons 'n boom vol Dikbekfrette [Magpie Mannikin]. Ons groet, pak af en rus lekker. Annemarie kry weer kans om in 'n swembad te swem, die ander van ons ontspan te lekker, loop op die strand of swem in die see. Met aandete eet meeste van ons weer hoender maar ander vis. Ons dae is lank en ons gaan dus vroeg slaap.

**30 November:** Ons slaap 2 nagte by Billfish Lodge en gaan dus vandag baie vroeg uit om die Savewoude en omliggende omgewing te besoek. By elke Vodacomtoring stop ons om vir Afrikaanse Boomvalke [African Hobbies] te soek. Toni se hoop beskaam nie en uiteindelik

sien ons nie net een nie maar 'n paar. Ons sien fantastiese voëls: 'n Geelvleknikator [Eastern Nicator], 'n Rooistertvlieëvanger [Livingstone's Flycatcher], 'n Mosambiekbosbontrokkie [Pale Batis], 'n Rooiwangstompstert [Red-faced Crombec], 'n Bloukruissuikerbekkie [Neergaard's Sunbird], 'n Manglietvisvanger [Mangrove Kingfisher] en nog ander. Die een nuwe voël op die ander. Maar, sjoe, spring hulle rond – onmoontlik om goeie fotos te neem. Ons keer middagete terug na die *lodge* toe en rus 'n bietjie. Later die middag neem ons 'n skibootrit na Paradise Island. Dit was so 'n uur soontoe en 'n uur terug. Ons is hoopvol om Krapvreters [Crab-Plovers] te kry – nie gekry nie maar baie ander waadvoëls onder andere Mongoolse Strandkiewiete [Lesser Sand Plovers], Grootstrandkiewiete [Greater Sand Plovers] en baie ander. Daar was ook baie sterretjies, maar meestal Kuifkopsterretjies [Lesser Crested Terns].

**1 Desember:** Van Inhassoro beweeg ons oor na die Moribane Woude toe (in 'n westelike rigting, in die Chimanimaniberge se koers), so 350 km om af te lê. Ons kyk voëls soos wat ons vorder; die berge en woude is asemrowend. Op 'n plek kry ons 'n paar rafiapalms digby die pad en wat sal Annemarie raaksien? 'n Witaasvoël [Palm-nut Vulture] wat op een van die palmtoppe sit en rus.  Ons slaap by die Ndzou Gemeenskapskamp. Die geriewe is maar min, meeste van die huisies het nie water nie en elektrisiteit is afhanklik van sonpanele. In die kamp kry ons 'n mooi Kopersuikerbekkie [Copper Sunbird]. Later die middag ry ons 'n draai met die hoop om byvoorbeeld 'n Boomkruiper [African Spotted Creeper] en ander Miombo 'specials' te kry, maar, nee, vandag nie so suksesvol nie. Ons maak die aand self kos en kuier lekker om ons eie vuurtjie.

**2 Desember:** Ons besluit om nie vir 'n tweede nag by Ndzou oor te slaap nie maar liewer deur te druk na Mphingwe Camp by Catapu. Ons is weer vroeg op en mik na Mount Tsetserra toe, hoog op in die berge van die Chimanimani Nasionale Park en aangrensend aan die


Pieter Heslinga

*Afrikaanse Boomvalk/African Hobby*


Pieter Heslinga

*Witaasvoël/Palm-nut Vulture*

oostelike hooglande van Zimbabwe. Oppad kry ons vir die eerste keer Blouvlekduifies [Blue-spotted Wood Dove] te sien. Ons sien ook Breëstertgrasvoëls [Moustached Grass Warblers] en Singende Tinktinkies [Singing Cisticola], ook 'n Rooivlerksanger [Red-winged Warbler] en Kortvlerktinktinkie [Short-wingend Cisticola] en in die Miombowoude sien ons ook 'n Gryskleinjantjie [Chirinda Apalis], 'n Streepwangwillie [Stripe-cheeked Greenbul], 'n Witstertvlieëvanger [White-tailed Crested Flycatcher], 'n Geelstreepboskruiper [Yellow-streaked Greenbul], en ander baie mooi voëls. John sien ook 'n Blouswael [Blue Swallow] in die lug maar ek mis dit. Ons is hoog op in die berge en die paadjie word so sleg dat ons moet omdraai. Tog te jammer, maar ons moes nog deurdruk Catapu toe en die pad is nog baie ver. Ons het ongelukkig nie met hierdie toer tyd gehad om by die Gorongosa Nasionale Park uit te kom nie maar sal dit definitief met


Pieter Heslinga

*Roeskopbyvreter/Böhm's Bee-eater*


Pieter Heslinga

*Tanzaniese Speg/Speckle-throated Woodpecker*

'n volgende trippie inpas. Daar is 'n hele paar endemiese voëls wat net daar voorkom – soos Rob sê, ons moet iets hê om na toe terug te kom. Dit word vir ons donker voor ons by ons bestemming kom, maar die nagryery het sy eie bekoring. Rob-hulle ry voor en sien kort-kort naguile opvlieg, onder andere ook 'n jong Wimpelvlerknaguil [Pennant-winged Nightjar]; daar is ook heelwat vuurvliegies – te mooi. Uiteindelik kom ons ongeveer 9 uur die aand by Mphingwe Camp aan, maar ons het vooraf vir kos gereël en ons kon na 'n lang dag lekker aansit. Ons is baie opgewonde want môre gaan ons pitta-wêreld besoek.

**3 Desember:** Omdat ons 'n dag gewen het deur nie twee nagte by die Ndzou kamp te slaap nie, het Rob ons die oggend afgegee om onsself en ons motors weer te kon organiseer. Ons is dus rustig die oggend, eet lekker ontbyt en loop in en om die kamp rond en voëlskyk. Ons sien baie mooi Bloukuifloeries [Purple-crested Turacos], Bosmusikante [Dark-backed Weavers], Geelpenssuikerbekkies [Variable Sunbirds] by hulle nes en ook Swartpensglansspreeus en Klein-blouoorglansspreeus [Black-bellied & Miombo Blue-eared Starlings], om net 'n paar te noem. Later die middag ry ons na die Coutadawoude toe, 'n jagkonsessiegebied, om die wêreld te verken met die oog op ons Angolapitta-soek [African Pitta] wat die volgende dag sou gebeur. Ons is baie gelukkig want ons kry beide Swarthelmlaksmanne [Retz's Helmet-Shrike] en Stekelkophelmlaksmanne [Chestnut-fronted Helmet-Shrikes] bymekaar. Ook 'n Afrikaanse Wielewaal [African Golden Oriole] en ander mooi voëls. Ons keer terug kamp toe met groot verwagting wat die volgende dag sou oplewer – pitta!

**4 Desember:** Ons roer vroeg om teen ligdag in die Coutadawoud te wees. Ons neem stelling in waar ons glo die Angolapitta sal wees en sit geduldig op ons kampstoeltjies en fokus op enige iets wat beweeg of geluid maak. Dis doodstil – geen teken van 'n pitta nie. Later roep John hom met 'n klankopname van sy roep; steeds niks nie. Ons het hier gesoek en daar gesoek maar geen teken van 'n pitta nie. Ons wy ons toe aan ander woudvoëls en was baie gelukkig om 'n Breëbek [African Broadbill] pragtig te sien vertoon, ook 'n Groenvleiloerie [Green Malkoha], en 'n Witborswoudlyster [White-chested Alethe]. Ons ry Caia toe om petrol in te gooi en geld te trek – en sommer ook na die Vleitjagra [Marsh Tchagra] te gaan soek wat aan die walle van die Zambezirivier, wat net anderkant die dorp verby vloei, boer. Maar nie gekry nie en toe terug kamp toe waar ons rustig tyd spandeer en eie tyd het. Die middag ry ons 'n draai by die panne rondom Mphingwe, maar hulle was feitlik droog. Ons het gehoop om Oranjevlerkmelbas [Orange-winged Pytilias] te sien, maar ons soek het niks opgelewer nie.

**5 Desember:** Vandag ry ons Caia toe om by Villa de Senna aan die walle van die Zambezi

na die Roeskopbyvreter [Böhm's Bee-eater] te gaan soek. Oppad was ons gelukkig om 'n Enkelbandslangarend [Western Banded Snake Eagle] naby die pad te kry. Rob het vooraf met die eienaar 'n reëling getref om op sy grond te kon kom waar die Roeskoppe voorkom, en ons was werklikwaar gelukkig om gou op hulle af te kom. Ons kon mooi fotos neem en was baie tevrede om nog 'n 'lifer' te kon aanteken. Maar kan jy glo, nog voordat ons die plaas uit is wys Rob vir ons 'n Geelkwikkie [Western Yellow Wagtail] wat langs die pad wei. Ons soek weer na die Vleitjagra maar kry hom weer nie. Toe gou terug Mphingwe kamp toe want ons wou die middag weer na die Coutadawoud toe om na die pitta te gaan soek. Ons verneem dat Etienne Marais en 'n groep voëlkykers wat ook op daardie stadium by Mphingwe tuis was die pitta vroër die oggend gesien het. Op dieselfde plek wat ons die vorige dag was hoor ons die Angolapitta – by ons, voor ons, teen ons, in die bos – maar van sien geen kans. Hoe jammer vir John, hy het al vyf keer na die voël kom soek. Rob het hom al 'n paar keer gesien maar die ander van ons… ja, sal maar net moet weer kom, weer probeer..... Oppad terug kamp toe word ons bederf met pragtige tonele van 'n Purperbandsuikerbekkie [Purple-banded Sunbird], 'n Europese Wielewaal [Eurasian Golden Oriole] en ook 'n Tanzaniese Speg [Speckle-throated Woodpecker] wat te mooi is. En daar, uit die bloute, kom drie Kuifkopboskraaie [Silvery-cheeked Hornbills] oorgevlieg. Ons tyd by Mphingwe het egter uitgeloop en ons moes aanskuif Beira toe waar nog 'lifers' gewag het.

**6 Desember:** "Bird, bird, bird, fokus op die 'specials' ouens" – ons gaan vandag weer na die pitta soek. Hierdie keer op 'n ander plek. Ons is weer onsuksesvol maar sien baie mooi ander voëls soos 'n Mooimeisie [African Emerald Cuckoo] wat pragtig vertoon asook 'n Gryskapokvoël [Grey Penduline-Tit], Gunningse Janfrederik [East Coast Akalat], Kleinboskruiper [Lowland Tiny Greenbul], Swartkopkleinjantjie [Black-headed Apalis] en Geelborskanaries [Lemon-breasted Canaries]. Ons sien 'n pragtige


Pieter Heslinga

*Madagaskarkoekoek/Madagascar Cuckoo*


Pieter Heslinga

*Vlermuisvalk/Bat Hawk*

Breëkoparend [Martial Eagle] sit, 'n Wespedief [European Honey Buzzard] wat oorvlieg en nog baie ander. Terug by die kamp wonder ons wat ons nog kan doen om die pitta te siene te kry.

**7 Desember:** Van Catapu af Beira toe is 250 km. Ons maak gou eers weer 'n draai by die Coutadawoude om vir oulaas vir John se onthalwe na die pitta te gaan soek. Maar van pitta is ongelukkig geen spoor. Ons sprei uit sodat ons die beste moontlike kans het om hom te hoor. In die proses kom sit 'n Geelvleknikator [Eastern Nicator] reg bo my kop en kon ek 'n paar swak fotos inkry. Ek sien ook 'n koekoek wat geruisloos oop en bloot kom sit het. Sal dit die Kleinkoekoek [Lesser Cuckoo] wees? Ek neem mooi fotos. Later het dit geblyk 'n Madagaskarkoekoek [Madagascar Cuckoo] te wees. Ons moet aanskuif, Beira is ver, maar nie so ver nie. Gedink ons sal gou daar wees, maar die pad… "Watter pad?" sou mens vra




*Dubbelsnip/Great Snipe*




*Geelbektroupant/Broad-billed Roller*

– reuse slaggate, die een op die ander. Ons kom later die middag in Beira aan maar nie voor ons by die groot kremetartboom met die *shebeen* reg langsaan gestop het om na die plaaslike Vlermuisvalke [Bat Hawks] te kyk nie. Te pragtig sit hulle in die boom en toekyk, terwyl dit wemel van mense en lawaai reg onder hulle. Vir die eerste keer in die toer begin ons reën te kry en die volgende dag of wat sou nog reën oplewer. Ons boek in by die Golden Peacock Resort en gaan eet by 'n restaurant wat op die strand geleë is. Dit reën lekker. Môre is weer 'n groot dag, want ons gaan onder andere na die Bloukwartel [Blue Quail] en Dubbelsnip [Great Snipe] soek. Etienne Marais en sy groep is ook daar.

**8 Desember:** Ons staan nie so vroeg op nie – dit reën aanmekaar, wat sal ons maak? Maar ons het mos nou gekom vir die 'specials' en hoekom dan nou in die hotel bly. Orals sien ons Huiskraaie [House Crows], wat in Suid-Afrika net by enkele plekke voorkom. Ons ry na Rio Savane met sy vleilande toe. Ons soek ook na die Oostelike Saadbrekertjies [Lesser Seedcrackers]. Ons sien wel Rooikopkweleas [Red-headed Queleas] en Vuurkopvinke [Black-winged Bishop]. Die paadjie is glad en die plaaslike inwoners sukkel om hulle fietse en swaar vragte houtskool regop te hou. By geleentheid, om so 'n man op sy fiets mis te ry, is ek met die Cruiser van die pad af in 'n moeras in – darem gerieflik uitgekom. Later loop ons weer vir Etienne en sy groep raak. Ons besluit om saam te werk. Ongelukkig moes Rob terugdraai, sy motor was nie gelukkig op die modder paaie nie. Karin se been pla en is saam met hom stadig terug hotel toe. John en Toni het by ons en Annemarie ingeklim en ons is agter Etienne aan. Hy stop by 'n vleiland. Intussen het die reëntjie maar weer geval en gestop en geval en gestop. Ons was al lekker nat en ons skoene vol modder. Ek is met my kamera, verkyker en al saam en moes afneem wat opvlieg. By die een vlei, sommer gou vlieg 'n Dubbelsnip [Great Snipe] op en ek kry mooi fotos. Toe by 'n tweede vlei: eers vlieg 'n paar Gewone Kwartelvinkies [African Quailfinch] en ook Rooivlerkkwartelvinkies [Locust Finches] op, te vinnig om af te neem. Ons is 90% deur die vlei toe vlieg 'n paartjie Swartrugkwarteltjies [Black-rumped Buttonquail] op. Die voëltjies is klein en vinnig maar ek kry darem 'n paar identifiseerbare fotos in. Daarna vlieg 'n paartjie Bloukwartels [Blue Quails] op. My kamera dreun soos 'n masjiengeweer. En daarna weer Swartrugkwarteltjies. Ons was op 'n spreekwoordelike 'hotspot'. Fantasties! Almal doen 'high fives' en ons sê baie dankie aan Etienne dat ons kon meedoen. Wat 'n ongelooflike ervaring. Dis al laat middag en ons keer terug hotel toe.

**9 Desember:** Ons moes begin met ons terugtog huistoe. Vanaand sou ons weer by Billfish Lodge, Inhassoro, oorslaap. Maar daar was nog baie 'birding' oor oppad terug. Ons ry weer aan by die Savewoude. Ons sien Geelbektroupante [Broad-billed Rollers] en soek weer na die Olyfkopwewers, maar kry niks

nie. Hulle habitat word ernstig bedreig deur die plaaslike bevolking wat die habitat waar hulle te vinde is bietjie-bietjie vernietig. Later die middag arriveer ons by Billfish Lodge wat op die see lê en gaan rus 'n bietjie. Skielik kom Toni aangehardloop – ouens hier het nou net twee Krapvreters [Crab-Plover] verby gevlieg en 'n ent verder op die strand gaan sit. Ons gryp ons verkykers en kameras, John en Toni al ver voor, en hardloop. Plek-plek stop John, stel sy teleskoop in, en ons kyk almal. Te pragtig – 'n ma met 'n opgeskote jong voël wat gevoer word. Ons hardloop nader en kyk weer. Ek neem 'n paar fotos maar dis baie ver; kan darem iets uitmaak. Die voëls vlieg op en gaan sit 'n ent verder, ons kom nader maar hulle vlieg weer op en ons gee moed op. Wat 'n fantastiese ervaring dat ons die Krapvreter toe tog by Billfish Lodge te siene gekry het. Nog 'n 'lifer' vir meeste van ons. Ons eet en kuier lekker die aand; ons is almal in 'n goeie stemming. Môre-oggend weer vroeg op.

**10 Desember:** Van Inhassoro na Massinga. Oppad het ons by Unguana gestop om vir die Groentinker [Green Tinkerbird] te gaan soek en ook weer die stekelsterte te sien. Na 'n paar pogings om die tinker te roep vertoon hy te pragtig, en gee almal tyd om hom mooi af te neem. Mens kan nie dink dat 'n paar jaar gelede mense geglo het dat die voëltjie al uitgesterf het nie. En sommer by alles laat die Ruddse Kleinjantjie [Rudd's Apalis] ook van hom hoor en kry ons kans om hom ook mooi af te neem. Ons arriveer by Massinga op 'n goeie tyd en slaap oor by die Morrungulo Beach Lodge. Vanaand maak ons weer self kos. Ek maak 'n vuurtjie en ons braai en kuier al te lekker.

**11 Desember:** Ons slaap vannag by Jolly Roger te Inharrime, en ry via Inhambane, ongeveer 290 km vir die dag. Die omgewing is oortrek met duisende palmbome; baie mooi. Ons kyk voëls soos ons ry en kry weer Knopsterttroupante en Purperbandsuikerbekkies. Orals is kokos- en kasjoeneute te koop. Ons word hartlik verwelkom, eet later lekker in hulle restaurant en gaan vroeg slaap.



Pieter Heslinga

*Groentinker/Green Tinkerbird*

**12 Desember:** Ons mik vir die Massingirdam; daar is 'n gemeenskapskamp met die naam Covane Community Lodge, wat baie lekker is. Die plan is dat ons via die Limpopo Nasionale Park en die Kruger Nasionale Park terug ry huistoe. Ons is al vroeg by ons bestemming en word hartlik ontvang. Die *lodge* is op die dam en het 'n pragtige uitsig oor die water en damwal. Die tuine en gras is groen en baie gesellig. Dis baie warm en 'n biertjie gaan goed af. 'n Visvalk [Western Osprey] vlieg verby en ons hoor Visarende [African Fish Eagle] roep. Rob en John teken sommer gou-gou meer as 50 spesies op BirdLasser aan.

**13 Desember:** Ons is by die Park se hek toe dit 7 uur oopmaak. Terwyl ons wag kom 'n groot swerm Witpelikane [Great White Pelican] met enkele Kleinpelikane [Pink-backed Pelicans] oorgevlieg. Ook 'n pragtige Visvalk kom groet. Die paadjie deur die oorgrens gedeelte van die park was maar stil, net 'n paar rooibokkies gesien, en darem 'n mooi Oostelike Rooipootvalk [Amur Falcon] en ook Trekdrawwertjies [Temminck's Courser]. Ons is gou deur die twee grensposte en in die Krugerwildtuin in. Ons het gehoor van die jong Egiptiese Aasvoël [Egyptian Vulture] wat in Mopani se omgewing by 'n watergat gesien is, en maak gou eers daar 'n draai. Ongelukkig mis ons uit. Maar Rob neem ons na die H49 toe en John wys ons die Asiatiese Strandkiewiet [Caspian Plover] wat gereeld daar rond beweeg. Nog 'n 'lifer' vir ons. Ons

sien ook mooi Dubbelbandsandpatryse [Double-banded Sandgrouse], Rooiruglewerike [Chestnut-backed Sparrow-Larks] asook mooi Donkerlewerike [Dusky Larks]. Hiervandaan is ons Phalaborwahek toe en kies koers huistoe via Tzaneen en Polokwane. Ons eet gou iets saam by die The Ranch Star Shop en groet.

Wat 'n onvergeetlike toer! Elkeen van ons het 'lifers' gesien, selfs Rob; die ander van ons soos ek en Joëlna, sommer baie. John, wat ons amptelike tellinghouer was, het in totaal 414 spesies vir die trip aangeteken. Ons kan 'n volledige lys verskaf aan diegene wat dit graag sou wou kry. Ons het net meer as 6 000 km afgelê. Nie getel hoeveel DosM biere ons gedrink het nie... Wat 'n voorreg om in Rob Geddes se groep te kon wees en die toer mee te maak. Ons sê baie baie dankie aan almal wat die toer vir ons so aangenaam gemaak het en sien uit na die volgende een.

# FROM THE ARCHIVE

## Wishbirds: Part 1

*In 2002 the then editor of Laniarius (Stephan Terblanche) came up with the inspired idea to ask readers to submit 'wishlists' of local birds that had somehow eluded them – people having knowledge of the particular species were then asked to offer their advice on how best to go about finding them. Our visits to the archive over the next few issues will plunder this treasure chest of potentially lifelist-altering advice. Please note that locality info may no longer be applicable (but I have checked that the localities mentioned are still in existence and accessible). If you have advice to offer based on where you have seen these birds recently, please send this in, and we'll publish it with the next batch of* 'wishbirds'. *And if you are someone who perhaps managed to find your 'bogey bird' with the help of the original wishlist series (at any point in the intervening 16 years), that could make for a great story in the next issue.*

*The following were taken from wishlists originally published in* Laniarius ***88*** *(March 2003) and* Laniarius ***89*** *(June 2003):*

**Europese Rietsanger/Marsh Warbler**

Omdat hierdie skugter sangers die versinnebeelding van die 'klein bruin voëltjie' (LBJ) is, is hulle moeilik om positief te identifiseer. Hulle kom egter in aansienlike getalle in Suid-Afrika voor en behoort dus redelik maklik te wees om op te spoor. Drie elemente help in hierdie proses:

- 'n Baie kenmerkend kontak- en alarmroep
- Spesifieke habitatvoorkeur
- Die feit dat hulle somer besoekers is, wat die maklikste van Desember tot Maart waargeneem kan word

Die Europese Rietsanger het 'n baie kenmerkende kontak- en alarmroep, wat beskryf kan word as "tuk", "tsssh" of 'n bietjie langer "tsssssshrr". As mens hierdie roepe ken en daarop ingestel is terwyl jy stilletjies deur geskikte habitat loop, is jy amper gewaarborg om hierdie sangers te hoor. Dit kan egter moeilik wees om hulle onder oë te kry, en jou beste kans is waarskynlik om diep binne-in die digte bos in te loer waar die roep vandaan kom. 'n Sagte "spish" lok hulle gewoonlik vir 'n paar sekondes uit. Hulle reageer gewoonlik op 'n terugspeel van hierdie roepe deur die alarmroep te maak.

Vir die geoefende oor het die voël 'n kenmerkende roep. Die mannetjies het die gewoonte om vir lang tye gedurende die dag en oor groot dele van Suider-Afrika te sing. Hierdie sang bereik 'n hoogtepunt in die vroeë oggend (06:00 tot 08:00 in die mid-somer) en die laatmiddag. Die sang kan beskryf word as 'n ryk, varierende en musikale gekweel wat amper eksklusief uit nabootsings bestaan. Dit verg egter 'n geoefende oor en baie geduld om al die nabootsings te identifiseer.

In terme van habitat is die Europese Rietsanger baie aanpasbaar, solank daar digte gras of struikgewas teenwoordig is. Hulle het nie 'n direkte assosiasie met water nie, alhoewel hulle dikwels op die rande van vleie of in rivieroewerbos voorkom. Miskien kan die perfekte haibitat beskryf word as hoë, digte stande gras wat tussen die takkies van lae, digte struike groei, in 'n skadusituasie. Hullle leef ook meesal van grondvlak tot so 2 m bo die grond.

'n Paar goeie areas om te probeer is: Moreletakloof (in bosveld langs die stroom), Faerie Glen NR (in die laagliggende areas), Tswaing (in die rivierbos en langs die vlei), Buffelsdrift (veral naby die Pienaarsrivier), Zaagkuildrift (die area rondom die eerste stroompie) en Roodeplaatdam.

Om na hierdie voël te luister: https://www.xeno-canto.org/explore?query=marsh+warbler


Clive Kaplan

*Europese Rietsanger/Marsh Warbler*

**Sprinkaansanger/River Warbler**

Die Sprinkaansanger is een van die moeilikste sangvoëls om te siene te kry. Hulle is uiters geheimsinnig tydens hulle verblyf in suidelike Afrika. Dit word nou egter erken as 'n gereelde besoeker, selfs in die suidelike bosveld. Die beste kans om hierdie sanger te sien is in die laatsomer, veral laat Maart en vroeg April, wanneer hulle vir kort periodes roep, gewoonlik vanaf ongeveer 06:00. Hulle is baie gevoelig vir versteuring en terugspeel van hulle geluid kan waarskynlik daartoe lei dat die voël uit die betrokke gebied verdwyn.

Wanneer die spesie deur die roep opgespoor is, is uiters geduldige waarneming, verkieslik vanuit 'n voertuig, op die regte tyd, die beste manier om die voël te probeer sien.

Habitat sluit normaalweg die nabyheid van 'n stroom of rivier in, en die aanwesigheid van digte gras wat deur die bosse groei. Ander spesies wat dikwels die Sprinkaansanger se habitat deel en moontlik hulle aanwesigheid dui, sluit Lysternagtegaal [Thrush Nightingale], Europese Rietsanger [Marsh Warbler], Grysrugkwêkwêvoël (Grey-backed Camaroptera) en Witvlerkflap [White-winged Widowbird] in. Laasgenoemde flap se lied stem baie ooreen met die kriptiese Sprinkaansanger s'n.

**Kortstertkoester/Short-tailed Pipit**

Die Kortstertkoester is nog 'n skaars en onopvallende voël, wat omtrent nie gesien word tensy hulle uit hulle grasveldhabitat opvlieg nie. Selfs dan kan hulle maklik vir 'n vink, flap, tinktinkie of enige ander vaal voël aangesien word. Hulle roep is egter kenmerkend, al is dit sag. Verder is die onderkant swaar gestreep, 'n kenmerk wat selfs in vlug duidelik is. Dit vlieg ook nie vinnig en direk soos vinke en flappe nie. Die stert is inderdaad kort, soos 'n tinktinkie of klopkloppie s'n, met duidelike wit kante. Dit is nie so dun soos wat sommige gidse te kenne gee nie.

Die beste tyd van die jaar om hierdie spesie te soek is gedurende die somer, wanneer hulle broei. Hulle verspreiding is nie goed bekend nie, maar is oënskynlik geperk tot geskikte habitat ten ooste van die platorand. Daar verkies hulle grasveld van mediumlengte en -digtheid, op 'n hoogte van sowat 1 000 to 1 500 m.

Buite die broeiseisoen is hulle te kry naby die noordkus van KwaZulu-Natal, en in Mosambiek.

Die afgelope somer (2002/03) is Kortstertkoesters van 'n paar plekke af gerapporteer. 'n Klein populasie is in Malolotja Natuurreservaat in Swaziland gevind (kry 'n kaart by die kantoor; die voëls is op enkele plekke langs die staproete vanaf die Silotfwane uitsigpunt gekry, tot ongeveer 600 m van die begin daarvan af. 'n Ander lokaliteit is die Doornkop Fishing and Wildlife Reserve langs die Komatirivier naby Carolina, waar verskeie broeiende voëls die afgelope somer te siene was en deur heelwat lede van die klub.

Om na hierdie voël te luister: https://www.xeno-canto.org/explore?query=Short-tailed+pipit

**Ovambo Sparrowhawk/Ovambosperwer**

This accipiter is not commonly seen, and even when seen, it is often not identified, due to its resemblance to other accipiter species. Outside of the breeding season they also tend to be nomadic, and are more likely to be stumbled across than to be found during a deliberate search.

A very useful rule of thumb is that this species, is, at a distance, more easily distinguished by its size than specific plumage features. The following, based on size, can be useful in distinguishing the three species regularly occurring in our urban environment:

- Ovambo Sparrowhawk: ± 36 cm, size of Speckled Pigeon (or larger)
- Shikra: ± 29 cm, size of Cape Turtle Dove
- Little Sparrowhawk: ± 24 cm, size of Laughing Dove (or smaller)

These grey accipiters really resemble doves in flight, and the abovementioned comparison can be useful if one of them is observed for a few seconds only.

Of course, all accipiters are readily identifiable if the tail is clearly seen. In the Ovambo Sparrowhawk the adult's tail is clearly barred (it has bars across the upper tail), with no noticeable white rump, but with white shafts down the central tail feathers, creating white lines through the bars.

May to August appears to be the best time for observations, although it is considered a resident in Gauteng. Eucalypt and poplar stands offer suitable habitat and the birds are often found in their vicinity. It also shows a strong preference for these trees where they occur in gorges and kloofs.

Tarboton and Allan's *The Status and Conservation of Birds of Prey in the Transvaal* (1984) indicated that this species, within the former Transvaal, were most common in the Gauteng/Magaliesberg areas. They specifically indicated that they reach their highest density in the area of the Jukskei River. This river runs south and west of Pretoria, past the Diepsloot Nature Reserve, Lanseria Airport and the Kareebosrand Conservancy. Further downstream at Pelindaba one finds the Phaladingwe Trail (x 8 km circle route), offering birders similar habitat, in a relatively safe environment. The trail starts at Preller's house, which can be reached via the third (western) entrance to Pelindaba. Some other spots where the Ovambo Sparrowhawk has been seen recently (unpredictably), include Louis Botha and Manitoba Drives along the Faerie Glen Nature Reserve and Club Avenue, where the street passes over the stream. It has also been recorded around Lanseria Airport, Roodeplaat, Pienaarspoort, Kloofendal at Roodepoort, and at the Sammy Marks Museum.

To hear recordings of this bird: https://www.xeno-canto.org/explore?query=ovambo+sparrowhawk

**African Crake/Afrikaanse Riethaan**

The African Crake is, after the Black Crake [Swartriethaan], probably the crake most easily observed in South Africa. It is less secretive than most, and easier to flush. Not being shy, it will walk right into the open and cross roads in small groups and with young.

The bird is resident and an intra-African migrant and is predominantly found in grasslands, from those at the edge of vleis to dry





Clive Kaplan

African Crake/Afrikaanse Riethaan

grasslands in lightly wooded country.

One of the best localities in our area is Vogelfontein at Nylsvley, where even in a normal rainfall year you will get birds walking across the causeway in the morning and along the paths to the hides. They are also found at Kgomo-Kgomo fairly regularly.

This is one of those birds that will only be stumbled across through spending lots of time in the veld.

To hear recordings of this bird: https://www.xeno-canto.org/explore?query=african+crake

***Contributors: Faansie Peacock, André Marx, Mostert Kriek, Etienne Marais***

# Rarities and unusual sightings report: 31 October 2018

## Compiled by André Marx

*This report covers the four months ending 31 October 2018. Mkhombo Dam again produced a few interesting waders even with the falling water levels there, but other localities such as Bronkhorstspruit Dam consistently produce interesting records, such as the Ruddy Turnstone found there recently. It is encouraging to note that Slaty Egret still occurs in the region at a time when national records of this national rarity have declined compared to years gone by. A particularly interesting record is that of a Cape Eagle Owl in the Magaliesberg Mountains, confirming the occurrence of that species at this locality. Other species appear to be expanding their range in our region, such as Dark-capped Yellow Warbler, and as times goes by more records of this species surface from new locations. Thank you for the reports received. Please send any interesting and out of range records together with a photo if possible to the address given below.*

### National rarities/ Nasionale rariteite

**Egret, Slaty / Reier, Rooikeel-**

This species was found again at Marievale when one bird was seen, 26 Aug 2018 (GK), and was still reported from there well into Oct 2018 (Gbird).

One bird was again seen at Walkhaven Dog Park near Muldersdrift, 22 Sep 2018 (Gbird), where it remained for at least a month until end Oct 2018.

**Gull, Lesser Black-backed / Meeu, Kleinswartrug-**

An adult bird was at Borakalalo NR on 27 Oct 2018 (KB).

### Regional rarities/ Streeksrariteite

**Crane, Grey Crowned / Mahem**

One bird was again at the start of the


Stephan Terblanche

*Ruddy Turnstone/Steenloper, Bronkhorstspruit Dam*


Anthony Paton

*Swallow-tailed Bee-eater/Swaelstertbyvreter, Marievale*

Zaagkuildrift Road north of Pretoria, at the MCPA Dam, 6 Aug 2018 (RG). *It is assumed that this is a genuine vagrant although the possibility exists that this is a bird that escaped from a nearby bird park.*

**Crane, Wattled / Kraanvoël, Lel-**
The long-staying bird was still present amongst a flock of Blue Cranes in the Devon area, 25 Jul 2018 (HN).

**Goshawk, African / Sperwer, Afrikaanse**
The bird seen in Fairland, Johannesburg, was once again found calling and displaying, 22 Jul 2018 (LR).

**Plover, Grey / Strandkiewiet, Grys-**
One bird was at Mkhombo Dam, 27 Sep 2018 (DV).

**Plover, White-fronted / Strandkiewiet, Vaal-**
Mkhombo Dam produced 2 birds on 25 Sep 2018, where they have been regularly recorded in recent years (DV).

**Pratincole, Collared / Sprinkaanvoël, Rooivlerk-**
At least one bird was at Mkhombo Dam, 25 Sep 2018 (DV).

**Sanderling / Strandloper, Drietoon-**
A single bird was at Mkhombo Dam, 23 Sep 2018 (RGd).

**Sandpiper, Green / Ruiter, Witgat-**
One bird was at the start of "Crake Road" along the Zaagkuildrift Road, north of Pretoria, 30 Oct 2018 (JN).

**Turnstone, Ruddy / Steenloper**
A single bird was at Leeukuil (Sharpville), near Vereeniging, 18 Jul 2018 (CWJ).
One bird was at Bronkhorstspruit Dam NR on 27 Oct 2018 when it was found during a BirdLife Northern Gauteng outing to the venue (BLNG). *In the following days the bird was reported by several birders. This is an uncommon bird at inland localities.*

**Vulture, Lappet-faced / Aasvoël, Swart-**
A surprise sighting was of one bird at Rietvlei NR on 4 Aug 2018 (FP).

**Whimbrel / Wulp, Klein-**
One bird was at Mkhombo Dam, 4 Oct 2018 (TvS).

## Other interesting observations/ Ander interessante waarnemings

**Bee-eater, Swallow-tailed / Byvreter, Swaelstert-**
12 birds were in the bluegums at the Marievale NR picnic site, 11 July 2018 (PW), with a number of birds still present at the same locality, 23 July 2018. *A winter visitor to the region.*
Two birds were at Bronkhorstspruit Dam NR, 29 Jul 2018 (LJ).

**Cuckoo, Common / Koekoek, Europese**
A juvenile bird was present at Walter Sisulu Botanical Garden when over a period of two weeks it was reported by several local birders, 6 Oct 2018 (Gbird).

**Goose, African Pygmy / Gans, Dwerg-**
4 birds were first observed at Rust De Winter 23 Sep (KD), and on 14 Oct 2018 up to 11 birds

were reported from the same locality (AF, LS).

**Hornbill, Southern Red-billed / Neushoringvoël, Rooibek-**
A single bird was at Dombeya Estate at Honingklip in the West Rand, in Pentad 2600_2745, 15 Oct 2018 (IG).

**Osprey / Visvalk**
One bird was seen at a farm dam in Pentad 2550_2825, east of Pretoria, 14 Oct 2018 (AH).

**Owl, Cape Eagle / Ooruil, Kaapse**
At least one bird was confirmed for the Magaliesburg at Pentad 2550_2725 when heard on 3 Mar 2018, with a second brief sighting on 21 Jul 2018 (AH, JA). *This is an uncommon and seldom seen species with probably only a small number of birds resident in the region.*

**Stork, Black / Ooievaar, Groot Swart-**
One bird was observed at Sediba Game Lodge in pentad 2520_2740 which lies to the east of Vaalkop Dam, 27 Oct 2018 (LR).

**Stork, White / Ooievaar, Wit-**
An interesting observation was of over 100 birds, possibly over-wintering, that were still present at Modderfontein, 5 Aug 2018 (PvN via AF).

**Wagtail, Yellow / Kwikkie, Geel-**
Two birds were at Bronkhorstspruit Dam NR during the club outing there, 27 Oct 2018 (BLNG).

**Warbler, Dark-capped Yellow / Sanger, Geel-**
One bird was at the American School grounds, north of Johannesburg, in Pentad 2555_2800, 1 Sep 2018 (AH).
Another bird was seen at Helderfontein Estate, northern Johannesburg, in the same pentad but about 3 km south, 22 Sep 2018 (AM). *These sightings represent new localities for this species which appears to be extending its range in parts of Gauteng.*

**Observers/ Waarnemers:**

Andrew Hester (AH)
Andy Featherstone (AF)
Craig Whittington-Jones (CWJ)
Francois Prinsloo (FP)
Graham Kearney (GK)
Ian Grant (IG)
André Marx (AM)
BLNG members (BLNG)
Dylan Vasapolli (DV)
Gauteng birders (Gbird)
Henk Nel (HN)
Jerome Ainsley (JA)
Justin Nicolau (JN)
Koos Dreyer (KD)
Laura Jordaan (LJ)
Pat van Nierop (PvN)
Rihann Geyser (RG)
Thinus van Staden (TvS)
Kathleen Bierbaum (KB)
Lance Robinson (LR)
Lia Steen (LS)
Pieter Woest (PW)
Rob Geddes (RGd)


Lia Steen

*African Pygmy Goose/Dwerggans, Rust de Winter*




Lance Robinson



*Black Stork/Grootswartooievaar, Sediba Lodge*

*This column is mainly concerned with observations of rarities and interesting sightings made in the Greater Gauteng region, defined as being 100 km from the centre of both Johannesburg and Pretoria. While the majority of records are included it is sometimes necessary to exclude some depending on whether the subject matter has already been well reported. Occasionally records are sourced from Internet reports and from SABAP2 records. Members are invited to submit details of sightings to André Marx at e-mail turaco@telkomsa.net or 083 4117674.*

# IN PICTURES: the dance edition

*Right: Blue Cranes near Struisbaai (Pieter Heslinga)*
*Far right: Black Crake, Garden Route Botanical Garden, George (Pieter Heslinga)*
*Below: Saddle-billed Stork in the Crocodile River, near Malelane Gate (Tamsyn Sherwill)*




















*Rohan Chakravarty, [www.greenhumour.com,](http://www.greenhumour.com) used with permission*

## Arctic Terns – marvels of migration

A study to track the movements of Arctic Terns breeding on the Farne Islands, UK, saw one tern clocking a distance of 96 000 km, the longest recorded migration of any bird, insect or mammal. Essentially travelling from pole to pole (and experiencing more daylight per year than any other animal), the terns have been shown to take a zigzag route – presumably making use of prevailing wind patterns to help them along, and also taking detours to find better feeding grounds or avoid bad weather. Before starting on their long-haul journey, a colony of Arctic Terns will grow silent – a moment referred to as 'the dread'. The Farne Island Arctic Tern colony also has another claim to fame – they regularly feature in video clips and news reports of 'angry birds' attacking tourists who get too close to their nests.

| BirdLife Northern Gauteng | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| *Laniarius* advertising costs (cost shown in Rands) | | | | | |
| **Print ads** | **1 insert** | **2 inserts** | **3 inserts** | **4 inserts** | |
| Back page | 600 | 1000 | 1300 | 1500 | full colour |
| Full page | 400 | 700 | 950 | 1150 | |
| Half page | 250 | 400 | 500 | 675 | |
| Quarter page | 125 | 200 | 250 | 275 | |
| | | | | | |
| Loose insert | 300 | 500 | 650 | 750 | |
| | | | | | |
| Smalls | 50 | 90 | 120 | 140 | 5 lines/ad |

**Notes**

1. Advertiser to supply print-ready artwork
2. Ads can be placed in alternate issues
3. Ads must be paid in advance
4. Ads are in black & white except back page which is in full colour
5. For loose inserts advertiser to supply insert
6. The committee maintains the right to accept any advertisements


BUFFELSDRIFT
Rust de Winter
ACCOMMODATION
R450/adult/night;
R225/child 12 years and younger/night;
Day visitors R90/person/day
PHOTOGRAPHY
BIRDING
BIRDERS
BOOKINGS
Please call Donald
on 082 885 5577;
or e-mail
bookings@birdhiking.co.za
Website: www.birdhiking.co.za